(iii) Wat betref die bediening van masjiene van 'n klas in paragraaf (i) genoem, hetsy in die inrigting waar die masjien geïnstalleer is of elders, word klousule 25 (6) *(u)* en (14) *(h)* van hierdie Ooreenkoms geag opgeskort te wees.

(iv) 'n Werkgewer mag nie weens die inbring van uitrusting van die klas in paragraaf (i) genoem, die diens van 'n werknemer wat 'n Graad I-lid van die vakvereniging is en wat vyf jaar of langer aaneenlopende diens by die werkgewer gehad het, beëindig nie, maar paragraaf (v) hiervan is op werknemers van hierdie klas van toepassing.

(v) 'n Vakman van die klas in paragraaf (iv) genoem wat hoogstens 45 jaar oud is, kan heropleiding in enige aangewese ambag in die Nywerheid gegee word, en moet dit ondergaan indien dit aangebied word, sonder verlies van verdienste, of, met wedersydse toestemming, in enige ander beskikbare ambag of beroep.

'n Vakman van die klas in paragraaf (iv) genoem wat 45 jaar of ouer is, kan heropleiding gegee word in 'n ambag wat binne dieselfde seksie val as die ambag waarin hy gekwalifiseer het, soos uiteengesit in klousule 25 (22) *(b)* van hierdie Ooreenkoms, en moet dit ondergaan indien dit aangebied word, sonder verlies van verdienste, of, met wedersydse toestemming, in enige ander ambag of beroep.

(7) *(a)* In addition to journeyman proofreaders and compositors, an employee, other than a journeyman, may occupy the position of proofreader, provided he has been registered by the Standing Committee for this purpose and is paid at not less than the following weekly rates for the area concerned:

(i) First three months' experience: 60 per cent of Scale 1, Table 1.

Second three months' experience: 70 per cent of Scale 1, Table 1.

Third three months' experience: 80 per cent of Scale 1, Table 1.

Fourth three months' experience: 90 per cent of Scale 1, Table 1.

(ii) Thereafter Scale 1, Table 1.

The interchangeability provisions contained in subsection (22) of this section are not applicable in respect of employees of this class. No other employee shall do, or be required or permitted to do, such work. In establishments where no permanent proofreader is employed, an employer shall not permit proofs to be read by any employee other than a journeyman compositor or the person in charge of the establishment or department, and no other employee may so read proofs.

(b) An employer shall ensure that only employees paid at not less than the rates prescribed in Table 10, are employed on regular copy holding.

(8) An employer shall not permit any person other than a journeyman stereotyper or an apprentice to the trade of stereotyping to prepare flongs, make matrices, cast or trim plates, or operate planing or routing machines, and no employee not so qualified may do such work. An employer shall not permit any person other than a journeyman stereotyper, compositor or machine minder to do mounting of plates and stereos and no employee not so qualified may do such work: Provided, however, that a process mounter may be employed upon the routing, bevelling, trimming and/or mounting of single flat stereos. A general assistant paid at not less than the rates specified in Table 10 may be employed on the making up of plating baths: Provided that when employed on this work such general assistant shall work under the supervision of a journeyman.

(9) *(a)* For the purposes of this subsection—

"apprentice" means an apprentice to the trade of letterpress machine minding, composing (including machine minding) or machine minding (including composing) or where the work being done is in connection with carton manufacture an apprentice to the trade of carton making;

"cylinder machine" means a letterpress printing machine in which the paper or other material to be printed is carried by a rotating cylinder against a flat printing surface from which the impression is taken;

"letterpress printing machine" does not include such a machine while it is being utilised for the production of fruit wrappers, whether plain or printed;

"machine minder" means a journeyman letterpress machine minder, or where the work being done is in connection with carton manufacture, a journeyman carton maker or when such employee is employed in the areas mentioned in paragraph *(b)* (ii) of Government Notice R.2119 of 15 November 1968, a journeyman in the trade of composing (including machine minding) or machine minding (including composing);

"platen machine" means a letterpress printing machine in which the paper or other material to be printed is carried in a flat position against a flat printing surface from which the impression is taken.

(b) Subject to the proviso contained in paragraph *(d)* (iii) (B) hereof, an employer shall not permit any person other than a machine minder or an apprentice to make ready, regulate the supply of ink, change gauges, alter the impression or make any other adjustment to the mechanism of any letterpress printing machine: Provided, however, that the operations mentioned may be performed by a platen pressman or a learner platen pressman when the machine concerned is a platen machine or a cylinder machine capable of printing on a sheet not larger than 381 mm by 508 mm. No other employee shall perform such work.

(c) Subject to the proviso contained in paragraph *(d)* (iii) (B) hereof, an employer shall not permit any cylinder machine capable of printing on a sheet larger than 381 mm by 508 mm to be operated except under the supervision of a machine minder or an apprentice and shall similarly not permit any platen machine or cylinder machine capable of printing on a sheet not larger than 381 mm by 508 mm to be operated except under the supervision of a machine minder, apprentice, platen pressman or learner platen pressman.

(7) *(a)* Benewens vakman-proeflesers en lettersetters kan 'n ander werknemer as 'n vakman die pos van proefleser beklee, mits hy vir hierdie doel deur die Staande Komitee geregistreer is en minstens die volgende weeklikse tariewe vir die betrokke gebied betaal word:

(i) Eerste drie maande ondervinding, 60 persent van Skaal 1, Tabel 1.

Tweede drie maande ondervinding, 70 persent van Skaal 1, Tabel 1.

Derde drie maande ondervinding, 80 persent van Skaal 1, Tabel 1.

Vierde drie maande ondervinding, 90 persent van Skaal 1, Tabel 1.

(ii) Daarna, Skaal 1, Tabel 1.

Die uitruilbaarheidsbepalings in subklousule (22) van hierdie klousule is nie op werknemers van hierdie klas van toepassing nie. Geen ander werknemer mag sulke werk verrig of mag verplig of toegelaat word om sulke werk te verrig nie. In inrigtings waar geen permanente proefleser in diens is nie, mag 'n werkgewer nie toelaat dat proewe deur enige ander werknemer as 'n vakmanlettersetter of die persoon in beheer van die inrigting of afdeling gelees word nie en geen ander werknemer mag aldus proewe lees nie.

(b) 'n Werkgewer moet sorg dat slegs werknemers wat betaal word teen minstens die tariewe voorgeskryf in Tabel 10, as gereelde kopiehouers in diens is.

(8) 'n Werkgewer mag niemand anders as 'n vakmanstereotipeur of 'n vakleerling in die bedryf stereotipie toelaat om flongs voor te berei, matryse te maak, plate te giet of af te werk, of om skaaf- of uitholmasjiene te bedien nie, en geen werknemer wat nie aldus gekwalifiseer is, mag dié werk verrig nie. 'n Werkgewer mag geen ander persoon as 'n vakmanstereotipeur, -setter of -masjienbediener toelaat om plate en stereo's te monteer nie en geen werknemer wat nie aldus gekwalifiseer is, mag dié werk verrig nie: Met dien verstande egter dat 'n chemiemonteerder in diens kan wees vir die uithol, afskuinsing, afwerk en/of die montering van plat enkelstereo's. 'n Algemene assistent, betaal teen minstens die tariewe gespesifiseer in Tabel 10, mag in diens wees vir die voorbereiding van plateerbakke: Met dien verstande dat wanneer hulle dié werk verrig, sulke algemene assistente onder toesig van 'n vakman moet werk.

(9) *(a)* Vir die toepassing van hierdie subklousule beteken—

„vakleerling" 'n vakleerling in die bedryf hoogdrukmasjienbediening, setwerk (met inbegrip van masjienbediening) of masjienbediening (met inbegrip van setwerk) of as die werk gedoen word in verband met kartonhouervervaardiging, 'n vakleerling in die bedryf kartonhouervervaardiging;

„silindermasjien" 'n hoogdrukmasjien waarin die papier of ander materiaal wat bedruk moet word, deur 'n draaiende silinder gevoer word teen 'n plat drukvlak waarvan die afdruk geneem word;

„hoogdrukpers" nie ook so 'n masjien nie terwyl dit gebruik word vir die produksie van vrugtetoedraaipapier, hetsy onbedruk of bedruk;

„masjienbediener" 'n vakman-hoogdrukmasjienbediener of, waar die werk gedoen word in verband met kartonhouervervaardiging, 'n vakman-kartonhouermaker of, as sodanige werknemer in diens is in die gebiede genoem in paragraaf *(b)* (ii) van Goewermentskennisgewing R.2119, gedateer 15 November 1968, 'n vakman in die bedryf setwerk (met inbegrip van masjienbediening) of masjienbediening (met inbegrip van setwerk);

„degelpers" 'n hoogdrukmasjien waarin die papier of ander materiaal wat bedruk moet word, plat gevoer word teen 'n plat drukvlak waarvan die afdruk geneem word.

(b) Behoudens paragraaf *(d)* (iii) (B) hiervan mag 'n werkgewer niemand anders as 'n masjienbediener of 'n vakleerling toelaat om toe te stel, die inktoevoer te reguleer, peilers om te ruil, die drukking te verander of enige ander verstelling van die meganisme van 'n hoogdrukpers te doen nie: Met dien verstande egter dat genoemde werksaamhede deur 'n degelpersdrukker of leerling-degelpersdrukker gedoen mag word as die betrokke masjien 'n degelpers is of 'n silindermasjien wat in staat is om 'n vel van hoogstens 381 mm by 508 mm te bedruk. Geen ander werknemer mag dié werk verrig nie.

(c) Behoudens paragraaf *(d)* (iii) (B) hiervan, mag 'n werkgewer nie toelaat dat 'n silindermasjien wat in staat is om 'n vel groter as 381 mm by 508 mm te bedruk, bedien word nie, uitgesonderd onder toesig van 'n masjienbediener of 'n vakleerling; so ook mag hy nie toelaat dat 'n degelpers of silindermasjien wat in staat is om 'n vel van hoogstens 381 mm by 508 mm te bedruk, bedien word nie, uitgesonderd onder toesig van 'n masjienbediener, vakleerling, degelpersdrukker of leerling-degelpersdrukker.

(d) (i) An employer shall not permit a machine minder, apprentice, platen pressman or learner platen pressman to supervise or operate more than four platen machines or three cylinder machines capable of printing on a sheet not larger than 381 mm by 508 mm.

(ii) When a platen pressman or a learner platen pressman supervises or operates a machine which is capable of printing on a sheet larger than 254 mm by 381 mm, he shall be paid at a rate not less than 10 per cent more than the rate of wages prescribed in Table 6 or Table 7 of this Agreement. No employee shall be required to supervise or operate more than three such machines at any one time.

(iii) An employer shall not permit a machine minder or an apprentice to supervise or operate more than—

(A) three Vertical Miehle, Auto Elka, Kelly, Meteor or other small cylinder machines capable of printing on a sheet not larger than 381 mm by 508 mm; or

(B) two cylinder machines of a size larger than that mentioned in paragraph *(d)* (iii) (A) and up to and including those capable of printing on a sheet not larger than 635 mm by 1 016 mm: Provided, however, that if at least one of such machines is of a sheet size of less than 635 mm by 1 016 mm, a printers' attendant or trainee printers' attendant may supervise or operate each additional machine capable of printing on a sheet not larger than 508 mm by 635 mm; or

(C) one cylinder machine capable of printing on a sheet larger than 635 mm by 1 016 mm.

(iv) No employee shall so supervise or operate a machine or machines in excess of the number mentioned in this subsection.

(e) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Agreement, a machine minder may—

(i) make corrections in the machine forme, whether it is on or off the machine bed: Provided that such corrections are confined to single solid lines, words or letters which have been incorrectly set, damaged or broken in the forme and that he in no way alters the make-up of the original forme;

(ii) make minor alterations in the forme, which necessitates the changing—but not the setting—of a single solid line, words or letters, such as the changing of the words ''Original'', ''Duplicate'' and ''Triplicate'' or the letters ''A'', ''B'' or ''C'' in the case of numbering, but he may not alter in any way the original make-up of the text matter; and

(iii) move leads for adjustment for registration purposes only, but not in the text matter:

Provided that all such corrections, minor alterations or moving of leads are done in the machine room.

(f) Similarly and subject to all the conditions contained in paragraph *(e)* hereof, a printers' attendant, trainee printers' attendant or learner platen pressman may, in respect of formes to be used on a machine he is permitted to operate, do all the work a machine minder is permitted to do in terms of that paragraph.

(g) General assistants paid at not less than the following rates may be employed upon assisting to adjust web tension and sidelay on rotary machines under the instruction of a journeyman:

Where employee has had less than one year's experience on such work: Rate for the area concerned mentioned in Table 10 of this Agreement for fourth six months' experience;

where employee has had one year's experience or more on such work; Highest rate for the area concerned mentioned in Table 10 of this Agreement.

(h) (i) General assistants may operate Halley perforating and numbering machines when used to perforate and/or to number only.

(ii) When, in addition to perforating and/or numbering. Halley perforating and numbering machines are used to print, the conditions set out in this subsection concerning the operation of letterpress printing machines shall apply: Provided, however, that the Standing Committee shall on request grant exemption to enable employees, other than machine minders, apprentices or platen pressmen to operate such machines at a wage of not less than Scale 1 of Table 1 where the machine is capable of printing on a sheet larger than 381 mm by 508 mm or Table 6 where the machine is capable of printing on a sheet not larger than 381 mm by 508 mm. The provisions of

(d) (i) 'n Werkgewer mag nie 'n masjienbediener, vakleerling, degelpersdrukker of leerling-degelpersdrukker toelaat om toesig te hou oor meer as vier degelperse of drie silindermasjiene wat in staat is om 'n vel van hoogstens 381 mm by 508 mm te bedruk, of om die masjiene te bedien nie.

(ii) As 'n degelpersdrukker of 'n leerling-degelpersdrukker toesig hou oor of 'n masjien bedien wat in staat is om 'n vel groter as 254 mm by 381 mm te bedruk, moet hy betaal word teen 'n tarief wat minstens 10 persent meer is as die loontarief voorgeskryf in Tabel 6 of Tabel 7 van hierdie Ooreenkoms. Van geen werknemer mag vereis word om terselfdertyd toesig te hou oor meer as drie sulke masjiene of hulle te bedien nie.

(iii) 'n Werkgewer mag nie 'n masjienbediener of 'n vakleerling toelaat om toesig oor meer as ondergenoemde getalle te hou of hulle te bedien nie:

(A) Drie Vertical Miehle, Auto Elka-, Kelly-, Meteor- of ander klein silindermasjiene wat in staat is om 'n vel van hoogstens 381 mm by 508 mm te bedruk; of

(B) twee silindermasjiene groter as dié genoem in paragraaf *(d)* (iii) (A) en tot en met dié wat in staat is om 'n vel van hoogstens 635 mm by 1 016 mm te bedruk: Met dien verstande egter dat, indien minstens een sodanige masjien 'n vel van hoogstens 635 mm by 1 016 mm kan bedruk, 'n drukkershulp of leerling-drukkershulp elke addisionele masjien wat 'n vel van hoogstens 508 mm by 635 mm kan bedruk, kan bedien of oor die werking daarvan toesig kan hou; of

(C) een silindermasjien wat in staat is om 'n vel groter as 635 mm by 1 016 mm te bedruk.

(iv) Geen werknemer mag aldus toesig hou oor meer masjiene as die getal in hierdie subklousule genoem, of hulle bedien nie.

(e) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, kan 'n masjienbediener—

(i) verbeterings aanbring in die masjienvorm, hetsy dit op of af van die masjienbed is: Met dien verstande dat sulke verbeterings beperk word tot enkel soliede lyne, woorde of letters wat verkeerd geset, beskadig of in die vorm gebreek is, en dat hy op generlei wyse die opmaakwerk van die oorspronklike vorm mag verander nie;

(ii) klein veranderings in die vorm aanbring wat die verandering —maar nie die set nie—van 'n enkele soliede lyn, woorde of letters meebring, soos die verandering van die woorde „Oorspronklik'', „Duplikaat'' en „Triplikaat'' of die letters „A'', „B'' of „C'' in die geval van nommerwerk, maar hy mag op generlei wyse die oorspronklike opmaakwerk van die tekswerk verander nie; en

(iii) loodjies slegs vir justering vir registreerdoeleindes verskuif, maar nie in die tekswerk nie:

Met dien verstande dat alle sodanige veranderings, klein veranderings of die verskuiwing van loodjies in die masjienkamer gedoen word.

(f) Insgelyks en behoudens al die voorwaardes vervat in paragraaf *(e)* hiervan, kan 'n drukkershulp, leerling-drukkershulp of 'n leerling-degelpersdrukker ten opsigte van vorms wat gebruik gaan word op 'n masjien wat hy toegelaat word om te bedien, al die werk doen wat 'n masjienbediener kragtens daardie paragraaf toegelaat word om te doen.

(g) Algemene assistente wat teen minstens ondergenoemde tariewe betaal word, kan gebruik word om te help om strookspanning en syaanleg op rolperse onder instruksie van 'n vakman te stel:

As werknemer minder as een jaar ondervinding van sulke werk het: Tarief vir die betrokke gebied genoem in Tabel 10 van hierdie Ooreenkoms vir vierde ses maande ondervinding;

as werknemer een jaar of meer ondervinding van sulke werk het: Hoogste tarief vir die betrokke gebied genoem in Tabel 10 van hierdie Ooreenkoms.

(h) (i) Algemene assistente mag Halley-perforeer- en -nommermasjiene bedien wanneer dié slegs gebruik word om te perforeer en/of te nommer.

(ii) Wanneer Halley-perforeer- en -nommermasjiene gebruik word om mee te druk, bo en behalwe om te perforeer en/of te nommer, is die voorwaardes in hierdie subklousule betreffende die bediening van hoogdrukmasjiene van toepassing: Met dien verstande egter dat die Staande Komitee op versoek vrystelling moet verleen om werknemers, uitgesonderd masjienbedieners, vakleerlinge of degelpersdrukkers, toe te laat om sulke masjiene te bedien teen 'n loon van minstens dié van Skaal 1 van Tabel 1 waar die masjien op 'n groter vel as 381 mm by 508 mm kan druk, of Tabel 6 waar die masjien

paragraph *(d)* (iii) of this subsection are applicable when Halley perforating and numbering machines are operated in terms of this subparagraph (ii).

(10) *(a)* Except as is otherwise provided by this subsection, an employer shall not permit any person, other than a journeyman bookbinder or an apprentice to the trade of bookbinding, to perform, and no other employee shall perform, the following work:

(i) Turned-in work, including cases, membership cards and season tickets;

(ii) edge colouring, gilding, or marbling (trough and transfer);

(iii) finishing, blocking (gold, foil or blind), including laying-on: Provided that in the case of repetitive gold blocking in quantities of not less than 500 of the same job, while the setting up of the machine must be done by a journeyman bookbinder, the feeding of the machine may be done by an employee paid at not less than the minimum rate prescribed in Table 9;

(iv) cutting, making end-papers, indexing and map mounting: Provided, however, that rotary cutting or slitting machines, when used in connection with bookbinding, may be supervised and operated by general assistants paid at the highest rate of wages for the area concerned mentioned in Table 10 of this Agreement. The adjustment and setting of such machines shall be done by a journeyman;

(v) turned-in binding of loose leaf covers;

(vi) the operation and supervision of case-making, rounding and backing, pad-cutting and casing in machines;

(vii) the supervision and adjustment of Sheridan and similar collating machines: Provided, however, that the supervision and adjustment of such machines may also be done by a printers' mechanic or an apprentice to that trade;

(viii) the making of electrodes for use on high-frequency plastic welding machines for all forms of binding or manufacture of all types of book covers and items of stationery, placing electrodes into, or making any other adjustment to such machines: Provided, however, that such work may also be done by a printers' mechanic.

(b) The following provisions shall apply in connection with stationery binding of items to be placed in stock for resale, work for educational institutions, or orders for a quantity of not less than 100:

(i) Male quarter binders may be permitted to do all work (with the exception of cutting, blocking, leather labelling and marbling) in connection with flush and/or, turned-in quarter and half-bound work up to and including 10 quires demy folio: Provided that the order is for not less than one dozen books (identical in every detail) for stock; and

(ii) female quarter binders may be permitted to do all work (with the exception of cutting, blocking, leather labelling and marbling) in connection with flush and/or turned-in quarter and half-bound work up to and including five quires foolscap folio: Provided that the order is for not less than one dozen books (identical in every detail) for stock: Provided further that—

(A) one journeyman bookbinder is employed on some operation connected with the particular job for each three or portion of three quarter binders employed on the job. In computing the ratio of journeymen, rulers, cutters and apprentices shall not be included; and

(B) there shall be no displacement of journeymen as a result of the operation of this paragraph.

(c) The provisions of paragraph *(b)* hereof shall apply in respect of the manufacture of loose-leaf binders and similar equipment and, in addition—

(i) general assistants may be employed on all necessary blind embossing on blocking presses and may also affix gold blocked leather or plastic tabs for loose-leaf work;

(ii) factory labourers paid at not less than the rates mentioned in section 47 (1) *(a)* of this Agreement may be employed on the following operations:
Prepare and assemble loose-leaf mechanisms;
rivet mechanism of peg board assembly to board and transfer;
cut thongs to length and, if necessary, pierce or punch;
fit thong washers and, if necessary, close;

op 'n vel van hoogstens 381 mm by 508 mm kan druk. Paragraaf *(d)* (iii) van hierdie subklousule is van toepassing wanneer Halley-perforeer- en -nommermasjiene kragtens hierdie subparagraaf (ii) bedien word.

(10) *(a)* Behoudens andersluidende bepalings in hierdie subklousule, mag 'n werkgewer niemand anders as 'n vakman-boekbinder of 'n vakleerling in die bedryf boekbind toelaat om ondergenoemde werk te verrig nie, en geen ander werknemer mag dit verrig nie:

(i) Ingevoude werk, met inbegrip van bande, lidmaatskapkaartjies en seisoenkaartjies;

(ii) randkleurwerk, vergulding, of marmerwerk (trog- en oordrukwerk);

(iii) afwerking, blokwerk (goud, foelie of blind), met inbegrip van inlegwerk: Met dien verstande egter dat, in die geval van herhalende goudblokwerk in hoeveelhede van hoogstens 500 vir dieselfde taak, waar die opstel van die masjien deur 'n vakman-boekbinder gedoen moet word, die masjien gevoer kan word deur 'n werknemer wat teen minstens die minimum tarief voorgeskryf in Tabel 9, betaal word;

(iv) sny, skutblaaie maak, indeksering, landkaarte monteer: Met dien verstande egter dat as rolsny- of splitsmasjiene gebruik word in verband met boekbindwerk, toesig oor hulle gehou en met hulle gewerk kan word deur algemene assistente wat betaal word teen die hoogste loontariewe vir die betrokke gebied in Tabel 10 van hierdie Ooreenkoms genoem. 'n Vakman moet hierdie masjiene verstel en stel;

(v) ingevoude bindwerk by losbladbande;

(vi) bediening van en toesig oor masjiene wat boekbande maak, rugge rondmaak en rugge maak, blokke sny en boekbande omsit;

(vii) toesig oor en verstel van Sheridan- en dergelike versamelmasjiene: Met dien verstande egter dat 'n drukkerwerktuigkundige of 'n vakleerling in daardie bedryf ook sulke masjiene kan stel en toesig oor hulle kan hou;

(viii) die maak van elektrodes vir gebruik op hoëfrekwensieplastieksweismasjiene vir alle soorte bindwerk of vervaardiging van alle tipes boekomslae en skryfbehoeftes, elektrodes in sodanige masjiene plaas of verstellings aan sodanige masjiene doen: Met dien verstande egter dat die werk ook deur 'n drukkerswerktuigkundige gedoen mag word.

(b) Onderstaande bepalings is van toepassing in verband met die bind van skryfbehoeftes wat in voorraad geplaas moet word vir herverkoping, werk vir onderwysinrigtings, of bestellings vir 'n hoeveelheid van minstens 100:

(i) Manlike kwartobinders kan toegelaat word om alle werk (met uitsondering van sny- en blokwerk, leeretikette aansit en marmerwerk) te doen in verband met vlak- en/of ingevoude kwarto- of halfgebinde werk tot en met 10 boeke demi-folioformaat: Met dien verstande dat die bestelling vir minstens een dosyn boeke (identies in elke opsig) vir voorraad is; en

(ii) vroulike kwartobinders kan toegelaat word om alle werk (met uitsondering van sny- en blokwerk, leeretikette aansit en marmerwerk) te doen in verband met vlak- en/of ingevoude kwarto- of halfgebinde werk tot en met vyf boeke folioformaat: Met dien verstande dat die bestelling vir minstens een dosyn boeke (identies in alle opsigte) vir voorraad is: Voorts met dien verstande—

(A) dat een vakman-boekbinder in diens moet wees vir een of ander werk in verband met die besondere taak vir elke drie of gedeelte van drie kwartobinders in diens op die taak. By die berekening van die getalsverhouding van vakmanne moet linieerders, snyers en vakleerlinge nie ingesluit word nie; en

(B) dat daar geen verplasing van vakmanne mag wees as gevolg van die toepassing van hierdie paragraaf nie.

(c) Paragraaf *(b)* hiervan is van toepassing ten opsigte van die vervaardiging van losbladbinders en dergelike uitrusting en daarbenewens mag—

(i) algemene assistente in diens wees vir alle nodige blindembosseerwerk by blokperse en mag hulle ook goudgeblokte leer of plastiekstiffies vir losbladwerk vasheg;

(ii) fabrieksarbeiders wat betaal word teen minstens die tariewe in klousule 47 (1) *(a)* van hierdie Ooreenkoms genoem vir ondergenoemde werksaamhede in diens geneem word:
Berei losbladmeganismes voor en sit inmekaar;
sit meganisme van penbordsamestel aan bord vas met klinknaels en oordrastuk;
sny toutjies na lengte, en, indien nodig, steek of pons gaatjies daarin;
sit touwasters aan, en, indien nodig, sluit hulle;

eyelet each end of thong;
insert thongs into crossbar and rivet;
planish ends of crossbar;
thread thongs through inside plates, fit thong anchor brackets and rivet up;
rivet guide bar, tee piece to bar edge strip, rivet guide bar bracket to inside plate;
assemble mechanism to covers, and screw down;
clean and polish covers;
label;
fit end sheets;
fit bars;
fix compensating pads of divider assembly;
cut two corners, fit thong end and close;
insert thongs in binderbars;
assemble binder covers and insert wire;
round corner cover boards and pierce fore edges;
rivet corner pieces of cover;
pierce cover and fix eyelets;
load inserts into transparent holders;
rivet edge strips to front of skeleton binder and back covers;
drill rivet holes in front cover, assemble mechanism to front cover and rivet complete;
chamfer edges (drum sander) and band sand;
cut wooden packing piece to size and plane;
sand case boards;
cut wooden case side to size (saw);
mill recess at each end;
round corner one end;
chamfer opposite corner and mill tongue each end;
rivet thongs to cross bar;
grease screw bearing;
assemble mechanism edge strips to thongs and rivet thong anchor brackets;
assemble and glue case sides to inside and outside boards;
rout top and bottom edges and sand top and bottom edges;
assemble mechanism to cases, assemble fore-edge strips, drill and rivet edge strips to case and sand fore-edge.

(d) Quarter binders shall be permitted to perform all work (except cutting, gold blocking, tooling, marbling and hand indexing) in connection with turned-in work, including books, calendars and show cards, turned-in or otherwise, and letterpress cloth cases (including membership cards and season tickets): Provided that—

(i) in the case of books, the order is for a quantity of not less than 100;

(ii) one journeyman bookbinder is employed on some operation connected with the particular job for each three or portion of three quarter binders employed on the job. In computing the ratio, rulers, cutters and apprentices shall not be included;

(iii) there shall be no displacement of journeymen as the result of the operation of this paragraph.

(e) Drawn-on cover cut-flush work may be performed by a quarter binder assisted by two general assistants: Provided that such quarter binder is paid at not less than the highest rate mentioned in Table 9 of this Agreement for day work or night work, as the case may be.

(f) Quarter-bound flush work, not turned-in, may be performed by general assistants: Provided that an employer shall pay at least one in five of the assistants so employed the wages prescribed in Table 10 of this Agreement for an employee after two years' experience.

(g) (i) High-frequency plastic welding machines may be operated under the supervision of a journeyman or apprentice bookbinder, by plastic binder assistants paid at not less than the rates prescribed for the area concerned in Table 23 of this Agreement.

(ii) Factory labourers paid at not less than the rates mentioned in section 47 (1) *(a)* of this Agreement may be employed on sheeting or slitting of material before welding, provided this is done under the supervision of a journeyman; stripping of unwanted plastic from the product after welding or riveting in of mechanisms.

(h) A printers' attendant or trainee printers' attendant may be employed on turned-in work for separate hinged covers, without built-in binding mechanisms, or show cards, when done by hand.

(i) Sprinkling and/or sprinkle spraying may be done by a general assistant. This does not include solid edge colouring.

(11) *(a)* For the purpose of this subsection—

sit ogie in aan albei ente van toutjies;
steek toutjies in dwarsbalkie in en klink vas;
poleer ente van dwarsbalkie;
steek toutjies deur binneplaatjies, sit tou-ankerklampies aan en klink vas;
klink leistafie, T-stuk aan staafkantstrook, klink leistaaf-klampie aan binneplaatjie;
monteer meganisme aan bande en skroef vas;
maak bande skoon en poleer dit;
sit etikette aan;
sit skutblaaie aan;
sit stafies aan;
sit kompenseerblokkies van delersamestel vas;
sny twee hoeke, sit tou-ent vas en sluit;
steek toutjies in binderstawe;
monteer binderbande en steek draad in;
maak hoeke van bande rond en steek gaatjies deur voorkant;
klink hoekstukke van band;
steek gaatjies deur band en sit ogies in;
sit insteekstukke in deursigtige houers;
klink kantstrokies aan voorkant van skeletbinder en rugbande;
boor klinknaelgaatjies in voorband, monteer meganisme aan voorband en klink klaar;
kant kantjies af (rolskuurder) en skuur band;
saag (sny) houtpakstuk na grootte en skaaf;
skuur bandborde;
saag houtbandkante na grootte;
stamp nis in aan albei ente;
maak hoek van een ent rond;
kant oorkantse hoek af en stamp tong aan elke ent in;
klink toutjies vas aan dwarsbalk;
smeer skroeflaer;
monteer meganisme se kantstrokies aan toutjies en klink tou-ankerklampe;
monteer en lym bandkante aan binne- en buiteborde vas;
verdiep bo- en onderkante en skuur bo- en onderkante;
monteer meganisme aan bande, monteer voorkantstrokies, boor en klink kantstrokies aan band vas en skuur voorkant.

(d) Kwartobinders moet toegelaat word om alle werk (uitgesonderd sny-, goudblok-, gereedskap-, marmer- en handindekswerk) in verband met ingevoude werk, met inbegrip van boeke, almanakke en vertoonkaarte, ingevou of andersins, en hoogdruk-linnebande (met inbegrip van lidmaatskap- en seisoenkaartjies) te verrig: Met dien verstande dat—

(i) in die geval van boeke, die bestelling vir minstens 100 is;

(ii) een vakman-boekbinder in diens is in verband met een of ander werksaamheid by die besondere taak vir elke drie of gedeelte van drie kwartobinders wat vir die taak in diens is. By die berekening van die getalsverhouding word linieerders, snyers en vakleerlinge nie bygereken nie;

(iii) daar geen verplasing van vakmanne as gevolg van die toepassing van hierdie paragraaf mag plaasvind nie.

(e) Oorgetrekte gelykgesnyde bandwerk mag gedoen word deur 'n kwartobinder met die hulp van twee algemene assistente: Met dien verstande dat so 'n kwartobinder betaal moet word teen minstens die hoogste tarief genoem in Tabel 9 van hierdie Ooreenkoms vir dag- of nagwerk, na gelang van die geval.

(f) Kwartgebinde gelykgesnyde werk, nie ingevou nie, kan gedoen word deur algemene assistente: Met dien verstande dat 'n werkgewer minstens een uit vyf van die assistente, aldus in diens, die loon moet betaal wat in Tabel 10 van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word vir 'n werknemer ná twee jaar ondervinding.

(g) (i) Hoëfrekwensieplastieksweismasjiene mag bedien word, onder toesig van 'n vakman of vakleerling-boekbinder, deur plastiekbinderassistente wat betaal word teen minstens die tariewe wat vir die betrokke gebied in Tabel 23 van die Ooreenkoms voorgeskryf word.

(ii) Fabrieksarbeiders, betaal teen minstens die tariewe in klousule 47 (1) *(a)* van hierdie Ooreenkoms genoem, mag gebruik word om plate van materiaal te maak of om materiaal te splits voordat gesweis word, mits dit onder toesig van 'n vakman plaasvind, om onnodige plastiek van die produk ná sweiswerk te verwyder, of meganismes vas te klink.

(h) 'n Drukkershulp of leerling-drukkershulp kan in diens wees vir ingevoude werk vir afsonderlike skarnieromslae sonder ingeboude bindmeganismes, of vertoonkaarte, wanneer dit met die hand gedoen word.

(i) Sprinkeling en/of besprinkelde spuitwerk kan deur 'n algemene assistent gedoen word. Dit sluit egter nie soliede randkleurwerk in nie.

(11) *(a)* Vir die toepassing van hierdie subklousule beteken—

"one-way ruling machine" means a machine which rules lines in one direction only;

"run-through work" means work being done where the lines run from one edge of the paper or card to the opposing edge without a break;

"striker" means a mechanical attachment to a ruling machine whereby the pens or discs are lifted or dropped at any given point, thus producing a pattern where the lines begin or end at a point other than the extreme edge or edges of the paper or card;

"two-way two-side ruling machine" means a machine which rules lines across and down on both sides of the paper or card either by pens, discs or rubber stereo.

(b) An employer shall not permit any person, other than a journeyman ruler or an apprentice to the trade of ruling, to make ready, regulate the supply of ink or make any other adjustment to the mechanism of any ruling machine. No other employee shall perform such work.

(c) An employer shall not permit any ruling machine to be operated except under the supervision of a journeyman ruler or an apprentice to the trade of ruling.

(d) An employer shall not permit a journeyman ruler or an apprentice to the trade of ruling to supervise or operate more than—

(i) one ruling machine on which a striker is in operation;

(ii) one pen-ruling machine;

(iii) two one-way one- or two-side ruling machines, other than pen ruling machines, when such machines are being used on run-through work; or

(iv) one two-way one- or two-side ruling machine:

Provided, however, that if the work involved is run-through work, the Standing Committee may grant an exemption to authorise the journeyman or apprentice concerned to supervise or operate one additional one-way ruling machine if the machines in question are not pen-ruling machines.

(e) No employee shall supervise or operate a machine or machines in excess of the number mentioned in paragraph *(d)* of this subsection.

(f) Notwithstanding the provisions hereof, a printers' attendant or trainee printers' attendant may do the setting of and operate all run-through ruling equipment capable of producing only run-through work as well as any attached perforating unit.

(12) In addition to journeyman cutters, bookbinders or rulers or apprentices to such trades, an employee, other than a journeyman, may operate a power-operated guillotine, provided he has been registered by the Standing Committee for this purpose and is paid at not less than the following weekly rates for the area concerned:

(i) First three months' experience: 60 per cent of Scale 1, Table 1.

Second three months' experience: 70 per cent of Scale 1, Table 1.

Third three months' experience: 80 per cent of Scale 1, Table 1.

Fourth three months' experience: 90 per cent of Scale 1, Table 1.

(ii) Thereafter Scale 1, Table 1.

The interchangeability provisions contained in subsection (22) of this section are not applicable in respect of employees of this class. No other employee shall do, or be required or permitted to do, such work.

(13) *(a)* An employer shall not permit any person, other than a journeyman printers' mechanic (envelope and stationery manufacture), an apprentice to such trade or a journeyman printers' mechanic, to make ready or make any other adjustment to the mechanism of envelope and stationery machines and shall not permit any such machine to be operated except under the supervision of an employee of one of the classes mentioned.

(b) An employer shall not require an employee of a class mentioned in paragraph *(a)* hereof to supervise or operate and no such employee shall supervise or operate more than—

(i) seven plunger type envelope machines; or

(ii) five rotary type envelope machines.

(c) Where a printing attachment on an envelope folding machine is to be in operation, the make-ready of such printing attachment shall be performed by a journeyman letterpress machine minder, printers' mechanic (envelope and stationery manufacture), an apprentice to either of those trades or an engineering artisan, who has served a

„eenweg-linieermasjien" 'n masjien wat lyne slegs in een rigting linieer;

„deurloopwerk" werk waar die lyne sonder onderbreking van een kant van die papier of karton na die teenoorgestelde kant loop;

„ligter" 'n meganiese aanhegting aan 'n linieermasjien waarmee penne of skywe op enige gegewe punt gelig of laat val word sodat 'n patroon gemaak word waarin die lyne op 'n ander plek as die verste rand of rande van die papier of karton begin of eindig;

„tweeweg-, tweekant-linieermasjien" 'n masjien wat lyne dwars en in die lengte aan weerskante van die papier of karton trek, met penne, skywe of rubberstereo.

(b) 'n Werkgewer mag niemand anders as 'n vakmanlinieerder of 'n vakleerling in die bedryf linieerwerk toelaat om op 'n linieermasjien toe te stel, die inktoevoer te reguleer of enige ander verstelling van die meganisme te doen nie. Geen ander werknemer mag dié werk doen nie.

(c) 'n Werkgewer mag nie toelaat dat met 'n linieermasjien gewerk word nie behalwe onder toesig van 'n vakman-linieerder of 'n vakleerling in die bedryf linieerwerk.

(d) 'n Werkgewer mag nie 'n vakman-linieerder of 'n vakleerling in die bedryf linieerwerk toelaat om toesig te hou oor of te werk met meer as ondergenoemde getal nie:

(i) Een linieermasjien met 'n ligter daarop;

(ii) een penlinieermasjien;

(iii) twee eenweg-, een- of tweekant-linieermasjiene, uitgesonderd penlinieermasjiene, wanneer dié masjiene gebruik word op deurloopwerk; of

(iv) een tweeweg-, een- of tweekant-linieermasjien:

Met dien verstande egter dat as die betrokke werk deurloopwerk is, die Staande Komitee vrystelling kan verleen aan die betrokke vakman of vakleerling om toesig te hou oor of te werk met een bykomende eenweg-linieermasjien as die betrokke masjiene nie penlinieermasjiene is nie.

(e) Geen werknemer mag meer masjiene bedien of toesig hou oor meer as die getalle in paragraaf *(d)* van hierdie subklousule genoem nie.

(f) Ondanks die bepalings hiervan, kan 'n drukkershulp of 'n leerling-drukkershulp stelwerk op alle deurlooplinieertoestelle wat slegs deurloopwerk kan produseer, asook op enige aangehegte perforeereenheid, doen en sodanige toestelle bedien.

(12) Benewens vakman-snyers, -boekbinders of -linieerders of vakleerlinge in sodanige ambagte, kan 'n werknemer wat nie 'n vakman is nie, 'n kragsnymasjien bedien: Met dien verstande dat hy vir hierdie doel by die Staande Komitee geregistreer is en teen minstens die volgende weeklikse tariewe vir die betrokke gebied betaal word:

(i) Eerste drie maande ondervinding: 60 persent van Skaal 1, Tabel 1.

Tweede drie maande ondervinding: 70 persent van Skaal 1, Tabel 1.

Derde drie maande ondervinding: 80 persent van Skaal 1, Tabel 1.

Vierde drie maande ondervinding: 90 persent van Skaal 1, Tabel 1.

(ii) Daarna, Skaal 1, Tabel 1.

Die uitruilbaarheidbepalings wat in subklousule (22) van hierdie klousule vervat word, is nie op werknemers van hierdie klas van toepassing nie. Geen ander werknemer mag sodanige werk verrig nie, en daar mag nie van hom vereis word en hy mag nie toegelaat word om sodanige werk te verrig nie.

(13) *(a)* 'n Werkgewer mag niemand anders as 'n vakmandrukkerswerktuigkundige (vervaardiging van koeverte en skryfbehoeftes), 'n vakleerling in dié bedryf, of 'n vakmandrukkerswerktuigkundige toelaat om toe te stel op of verstellings te doen aan die meganisme van koevert- en skryfbehoeftesmasjiene nie en mag nie toelaat dat met so 'n masjien gewerk word nie, behalwe onder toesig van 'n werknemer van een van genoemde klasse.

(b) 'n Werkgewer mag nie 'n werknemer van 'n klas genoem in paragraaf *(a)* hiervan verplig om toesig te hou oor meer of meer te bedien en geen werknemer mag toesig hou oor meer of meer as ondergenoemde getalle bedien nie:

(i) Sewe plunjertipe-koevertmasjiene; of

(ii) vyf roltipe-koevertmasjiene.

(c) As daar 'n drukinrigting aan 'n koevertvoumasjien werk, moet die toestelwerk van die drukinrigting gedoen word deur 'n vakmanhoogdrukmasjienbediener, drukkerswerktuigkundige (vervaardiging van koeverte en skryfbehoeftes), 'n leerling in een van beide hierdie bedrywe of 'n ingenieursambagsman wat 'n erkende leertyd in sy

recognised apprenticeship in his trade and is paid at not less than the rate prescribed in Scale 1 of Table 1 of this Agreement. No employer shall require or permit any other employee to do such work nor shall any other employee perform such work.

(d) General assistants may be employed in attendance on envelope and stationery machines under the supervision of an employee of a class mentioned in paragraph *(a)* hereof and may also stack envelope blanks or bind or box envelopes.

(e) An employer shall not require or permit an employee, who is paid at a rate less than that prescribed in Table 5 of this Agreement to supervise or operate a continuous stationery collating machine where the stationery is not already pre-folded. No other employee shall do such work. A general assistant may supervise or operate a continuous stationery collating machine where the stationery is already pre-folded.

(f) An employer shall not require or permit an employee, other than a journeyman or apprentice printers' mechanic, to dismantle or repair a continuous stationery collating machine. No other employee shall do such work.

(14) *(a)* (i) An employer shall not permit any employee, other than a journeyman in the trade of photogravure, or an apprentice to such trade to perform skilled work in photogravure reproduction.

(ii) ''Photogravure reproduction'' means camera operating, including step and repeat, retouching of positives and negatives, imposition, carbon tissue sensitising and printing, transferring on to copper plate or cylinder, developing, etching, engraving and fine etching and where necessary, cylinder grinding, polishing and copper depositing. All such work shall be deemed to be skilled work for the purposes of paragraph *(a)* (i).

(iii) Cylinder grinding and polishing may be performed by a journeyman or apprentice in the trade of printers' mechanic.

(iv) An employer shall not permit any employee, other than a journeyman in the trades of photogravure, lithography or letterpress machine minding, or an apprentice to one of such trades, to operate photogravure printing machines: Provided, however, that where the work being done is in connection with carton manufacture, such machines may be operated by a journeyman or an apprentice in the trade of carton making. No other employee shall perform such work.

(b) (i) An employer shall not permit any employee, other than a journeyman, photo-lithographer or an apprentice to such trade, to perform skilled work in photo-lithography.

(ii) ''Photo-lithography'' means the making of line and half-tone negatives and positives for printing-down on litho-plates. This process includes colour separation in continuous tone, half-tone and line, whichever method is required; the operating of step and repeat machines for making multiple negatives and positives as well as stepping up on litho machine plates, either manually or mechanically; coating, developing and etching of original and machine litho-plates; the putting down of offset stains by photo-litho methods; and also includes photo-litho retouching, namely colour correcting on continuous tone negatives and/or positives and colour correcting by means of dot etching on screen negatives and/or positives and all retouching of a skilled nature. All such work shall be deemed to be skilled work for the purposes of paragraph *(b)* (i).

(iii) The coating and/or processing of lithographic plates as well as the printing down of photo-litho negatives and positives may also be done by a journeyman or apprentice lithographer.

(c) (i) Subject to the provisions of paragraph *(b)*, an employer shall not permit any employee, other than a journeyman lithographer or apprentice to such trade, to perform skilled work in lithography: Provided, however, that the pulling of proofs mentioned in paragraph *(c)* (ii) hereof may also be performed by a journeyman or apprentice in the trades of photogravure, lithography, photo-lithography or process engraving: Provided further that a journeyman letterpress machine minder, litho operative or platen pressman may be employed upon the pulling of proofs on a press capable of printing on a sheet not larger than 381 mm by 508 mm.

(ii) ''Lithography'' includes all operations in connection with the preparation of plates intended for printing by lithographic process, whether produced by printing down from photo-litho negatives and/or positives, or by transferring from type, copper plates or stones, manually or mechanically, and

bedryf of ambag uitgedien het en minstens die tarief betaal word wa in Skaal 1 van Tabel 1 van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word Geen werkgewer mag enige ander werknemer verplig of toelaat on dié werk te doen nie; ook mag geen ander werknemer die werk doen nie.

(d) Algemene assistente mag in diens geneem word op koevert- en skryfbehoeftesmasjiene onder toesig van 'n werknemer van 'n klas in paragraaf *(a)* hiervan genoem en kan ook koevertpatrone stapel of koeverte saambind of in dose verpak.

(e) 'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer wat 'n loon ontvang wat minder is as dié wat in Tabel 5 van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word, vereis of hom toelaat om toesig te hou oor 'n kollasioneermasjien vir kettingskryfbehoeftes of dit te bedien nie indien die skryfbehoeftes nie reeds vooraf gevou is nie. Geen ander werknemer mag sodanige werk verrig nie. 'n Algemene assistent kan toesig hou oor 'n kollasioneermasjien vir kettingskryfbehoeftes of dit bedien indien die skryfbehoeftes reeds vooraf gevou is.

(f) 'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer, uitgesonderd 'n vakman of leerlingdrukkerswerktuigkundige, vereis of hom toelaat om 'n kollasioneermasjien vir kettingskryfbehoeftes te demonteer of te herstel nie. Geen ander werknemer mag sodanige werk verrig nie.

(14) *(a)* (i) 'n Werkgewer mag geen ander werknemer as 'n vakman in die bedryf fotogravure, of 'n vakleerling in dié bedryf, toelaat om geskoolde werk in fotogravure-reproduksie te verrig nie.

(ii) ,,Fotogravure-reproduksie'' beteken kamerabediening met inbegrip van herhaalwerk, die bywerk van negatiewe en positiewe, oplegging, gevoeligmaking en druk van koolsypapier, oordruk op koperplaat of -silinder, ontwikkeling, ets-, graveer- en fynetswerk, en wanneer nodig silinderskuur- en -poleer en koperafsetwerk. Al hierdie soorte werk moet vir die toepassing van paragraaf *(a)* (i) as geskoolde werk geag word.

(iii) Silinderskuur- en -poleerwerk mag deur 'n vakman of vakleerling in die bedryf drukkerswerktuigkunde verrig word.

(iv) 'n Werkgewer mag nie 'n werknemer, uitgesonderd 'n vakman in die bedrywe fotogravure, litografie of hoogdrukmasjienbediening, of 'n vakleerling vir een van hierdie bedrywe ingeboek, toelaat om fotogravure-drukmasjiene te bedien nie: Met dien verstande egter dat as die werk in verband met kartonhouervervaardiging gedoen word, dié masjiene bedien mag word deur 'n vakman of 'n vakleerling in die bedryf kartonhouervervaardiging. Geen ander werknemer mag dié werk doen nie.

(b) (i) 'n Werkgewer mag nie 'n ander werknemer as 'n vakman-fotolitograaf of 'n vakleerling in dié bedryf toelaat om geskoolde werk in fotolitografie te doen nie.

(b)	Notwithstanding the provisions of paragraph *(a)* a labourer of the class mentioned in that paragraph, who is employed exclusively upon one or more of the operations mentioned in items *(cc)* to *(kk)*, inclusive, of the definition of that class of employee in section 2 of this Agreement, shall be paid at not less than the following weekly rates:		
	During the first year of experience ..	25,42	27,96
	During the second year of experience	26,61	29,27
	During the third year of experience .	27,79	30,57
	After three years' experience	28,97	31,87
(c)	Labourer employed in the Screen Printing Section:		
	During the first year of experience ..	25,42	27,96
	During the second year of experience	26,61	29,27
	During the third year of experience .	27,79	30,57
	After three years' experience	28,97	31,87
(d)	A labourer of a class mentioned in paragraph *(b)* or *(c)* who is under 18 years of age, may be paid at rates R2 per week less than the rates prescribed in those paragraphs.		
(e)	A labourer employed upon night work shall be paid at a rate not less than 15 per cent higher than the rate payable to him for day work.		

en geen sodanige werknemer mag meer as twee sulke masjiene bedien of oor hulle toesig hou nie.

(3) 'n Werkgewer mag nie 'n skermmasjienbediener verplig of toelaat om nie-kragaangedrewe eenhede te bedien of daaroor toesig te hou terwyl enige masjien aan die loop is wat deur hom bedien moet word of waaroor hy moet toesig hou nie.

(4) Wanneer 'n skermmasjienbediener toesig oor twee kragsy-skermdrukmasjiene moet hou, mag die masjien/masjiene gevoer word deur 'n werknemer wat minstens die loon ontvang wat vir skermbereiders voorgeskryf word—Tabel 30.

(5) Minstens een skermwerker, of ander werknemer wat teen 'n hoër loontarief betaal word, moet by elke skerm in diens wees waarop rollertrekwerk gedoen word. Waar hulp by 'n besondere skerm nodig is om die roller te trek, kan boonop van arbeiders gebruik gemaak word wat betaal word teen die tarief wat vir daardie klas werk voorgeskryf word.

(6) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, mag 'n skermdruksnyer wat minstens die loon betaal word wat in Tabel 27 voorgeskryf word, enigiets doen in die vorm van snywerk wat nodig is in verband met bedrukte werk wat deur middel van die skermdrukmetode van drukwerk voortgebring word.

(7) 'n Werkgewer mag nie 'n skermdruksnyer verplig of toelaat om snywerk te verrig in verband met drukwerk voortgebring deur enige ander drukmetode of om 'n snymasjien te bedien vir enige ander doel as dié in subklousule (6) hiervan genoem nie.

HOOFSTUK 8

ARBEIDERS IN ALLE AFDELINGS VAN DIE NYWERHEID, UITGESONDERD DIE DUPLISEERAFDELING

46. TOEPASSINGSBESTEK

Hierdie Hoofstuk is in al die landdrosdistrikte van die Republiek van Suid-Afrika van toepassing.

47. LOONTARIEWE

(1) Geen werkgewer mag 'n arbeider 'n loon betaal wat minder is as onderstaande weeklikse tariewe nie en geen arbeider mag dit aanneem nie:

	Dagwerk	1978	1979
		R	R
(a)	Arbeider in diens in enige afdeling van die Nywerheid, uitgesonderd in die Skermdruk- en Dupliseerafdeling:		
	Gedurende die eerste jaar ondervinding	26,61	29,27
	Gedurende die tweede jaar ondervinding	27,79	30,57
	Na twee jaar ondervinding	28,97	31,87
(b)	Ondanks paragraaf *(a)*, moet 'n arbeider van die klas in daardie paragraaf genoem, wat uitsluitlik in diens is by een of meer van die werksaamhede genoem in items *(cc)* tot en met *(kk)* van die omskrywing van daardie klas werknemer in klousule 2 van hierdie Ooreenkoms, teen minstens ondergenoemde weeklikse tariewe besoldig word:		
	Gedurende die eerste jaar ondervinding	25,42	27,96
	Gedurende die tweede jaar ondervinding	26,61	29,27
	Gedurende die derde jaar ondervinding	27,79	30,57
	Na drie jaar ondervinding	28,97	31,87
(c)	Arbeider in diens in die Skermdrukafdeling:		
	Gedurende die eerste jaar ondervinding	25,42	27,96
	Gedurende die tweede jaar ondervinding	26,61	29,27
	Gedurende die derde jaar ondervinding	27,79	30,57
	Na drie jaar ondervinding	28,97	31,87
(d)	'n Arbeider van 'n klas in paragraaf *(b)* of *(c)* bedoel wat onder die ouderdom van 18 jaar is, kan betaal word teen 'n tarief wat R2 per week minder is as die lone in daardie paragrawe voorgeskryf.		
(e)	'n Arbeider in diens op nagwerk moet betaal word teen 'n tarief wat minstens 15 persent hoër is as die tarief wat vir dagwerk aan hom betaalbaar is.		

(2) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Agreement, a labourer may be employed on driving a motor scooter, motorised tricycle, motorised bicycle or similar vehicle. No employer shall pay a labourer so employed, and no such employee shall accept, wages at less than the following weekly rates:

	1978	1979
	R	R
Where the engine is 50 cm³ or less—		
During the first year of experience ..	25,42	27,96
During the second year of experience	26,61	29,27
During the third year of experience .	27,79	30,57
After three years' experience	28,97	31,87
Where the engine is more than 50 cm³—		
During the first year of experience ..	26,61	29,27
During the second year of experience	27,79	30,57
After two years' experience	28,97	31,87

(3) When a labourer has agreed to accept board and/or lodging from his employer, a deduction not exceeding the amounts specified hereunder may be made from his wages:
For board, per week: 30c.
For lodging, per week: 20c.
For board and lodging, per week: 50c.

(4) The minimum rate at which remuneration shall be paid by an employer to a casual labourer for each day of employment, shall be one-fifth of the weekly remuneration prescribed in accordance with the type of work done, for an adult labourer—factory or unskilled—in his first year of employment, and for a lesser period than one day at the rate of one forty-second or fortieth, as the case may be, of the said weekly wage for each hour or portion of an hour worked.

(5) For the purpose of ascertaining the hourly rate of remuneration of a labourer, the weekly remuneration payable to the employee concerned at the time, being not less than the minimum provided in this Agreement, shall be divided by the number of hours specified in section 48, and for the purpose of ascertaining the daily rate, such hourly rate shall be multiplied by the number of hours normally worked during the day affected.

(6) Notwithstanding anything else herein contained, a labourer who at the date of coming into operation of this Agreement is in receipt of a higher wage than that prescribed for his class shall be paid such higher wage while in the service of the same employer.

(7) An employer shall not employ any person under the age of 15 years as a labourer.

48. HOURS OF WORK

(1) The ordinary hours of work of labourers shall be 40 hours per working week.

(2) An employer shall arrange the ordinary working hours of labourers in his establishment so as to provide for an afternoon off (excluding Sunday): Provided that in the case of afternoon newspaper establishments, when an afternoon off per week cannot be provided, equivalent time off, or one whole day per fortnight, may be substituted for one afternoon off per week: Provided further that the normal working hours, excluding meal times, on any one day shall not exceed eight and a half except in establishments where the normal week's work is completed in five days, in which case the normal day's work shall not exceed nine hours.

(3) Night workers engaged on newspapers may be required to work on Sunday evenings as part of their regular shift. In cases where the nature of the work performed in an establishment requires that certain employees should work in a shift which varies from the normal day or night shift, the Standing Committee may authorise a schedule of working hours for the employees concerned. The normal working hours excluding meal times, in respect of night workers, on any one shift shall not exceed eight and a half except in establishments where the normal week's work is completed in five days or nights in which case the normal shift shall not exceed nine hours.

(4) An employer who wishes to introduce double shifts in his factory shall give the Joint Board concerned, or the Standing Committee where no such Joint Board exists, not less than one week's notice of his intention to do so and may then arrange the

(2) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms mag 'n arbeider in diens wees om 'n bromponie, motordriewiel, motortrapfiets of dergelike voertuig te bestuur. Geen werkgewer mag 'n arbeider wat aldus in diens is, laer weeklikse tariewe betaal nie en geen werknemer mag laer tariewe aanneem nie as ondergenoemde weeklikse tariewe:

	1978	1979
	R	R
Waar die enjin 50 cm³ of kleiner is—		
gedurende die eerste jaar ondervinding	25,42	27,96
gedurende die tweede jaar ondervinding	26,61	29,27
gedurende die derde jaar ondervinding	27,79	30,57
na drie jaar ondervinding	28,97	31,87
Waar die enjin groter as 50 cm³ is—		
gedurende die eerste jaar ondervinding	26,61	29,27
gedurende die tweede jaar ondervinding	27,79	30,57
na twee jaar ondervinding	28,97	31,87

(3) Ingeval 'n arbeider ingestem het om kos en/of inwoning van sy werkgewer aan te neem, mag hoogstens ondergenoemde bedrae van sy loon afgetrek word:
Vir kos, per week: 30c.
Vir inwoning, per week: 20c.
Vir kos en inwoning, per week: 50c.

(4) Die minimum tarief waarteen besoldiging deur 'n werkgewer aan 'n los arbeider betaal moet word vir elke dag diens, is een vyfde van die weeklikse besoldiging voorgeskryf, ooreenkomstig die soort werk gedoen, vir 'n volwasse arbeider—fabrieks- of ongeskoolde arbeider—in sy eerste jaar diens, en vir 'n korter tydperk as een dag, teen 'n tarief van een twee-en-veertigste of veertigste, na gelang van die geval, van genoemde weekloon vir elke uur of gedeelte van 'n uur gewerk.

(5) Ten einde die uurtarief van besoldiging van 'n arbeider vas te stel, moet die weeklikse besoldiging wat aan die betrokke werknemer op daardie tydstip betaalbaar is, wat minstens die minimum moet wees wat in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word, gedeel word deur die getal ure gespesifiseer in klousule 48, en ten einde die daaglikse tarief vas te stel, moet sodanige uurtarief vermenigvuldig word met die getal ure wat normaalweg gedurende die betrokke dag gewerk word.

(6) Ondanks andersluidende bepalings hierin, moet 'n arbeider wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms 'n hoër loon ontvang as dié wat vir sy klas voorgeskryf word, betaal word teen sodanige hoër loon terwyl hy by dieselfde werkgewer in diens is.

(7) 'n Werkgewer mag niemand onder die ouderdom van 15 jaar as 'n arbeider in diens hê nie.

48. WERKURE

(1) Die gewone werkure van arbeiders moet 40 uur per werkweek wees.

(2) 'n Werkgewer moet die gewone werkure van arbeiders in sy inrigting so reël dat voorsiening gemaak word vir 'n namiddag vry (uitgesonderd Sondag): Met dien verstande dat in die geval van inrigtings vir middagkoerante waar nie voorsiening vir 'n vry namiddag gemaak kan word nie, gelyke tyd vry of een hele dag per 14 dae in plaas van een namiddag per week vry gegee kan word: Voorts met dien verstande dat die gewone werkure, uitgesonderd etenspouses, op enige dag hoogstens agt en 'n half moet wees, uitgesonderd in inrigtings waar die gewone week se werk in vyf dae voltooi word, en in dié geval moet die gewone dag se werk nie meer as nege uur wees nie.

(3) Daar kan van nagwerkers wat by koerante werksaam is, vereis word om, as deel van hul gereelde skof, op Sondagaande te werk. In gevalle waar die aard van die werk wat in 'n inrigting verrig word, vereis dat sekere werknemers 'n skof moet werk wat van die gewone dag- of nagskof verskil, kan die Staande Komitee 'n werkuurrooster vir die betrokke werknemers goedkeur. Die gewone werkure, uitgesonderd maaltye, van nagwerkers op enige enkele skof mag nie meer as agt en 'n half wees nie, behalwe in inrigtings waar die week se gewone werk in vyf dae of nagte voltooi word, en in dié geval mag die gewone skof nie meer as nege uur wees nie.

(4) 'n Werkgewer wat dubbelskofte in sy fabriek wil invoer, moet die betrokke Gesamentlike Raad, of die Staande Komitee waar daar nie so 'n Gesamentlike Raad bestaan nie, minstens een week vooraf kennis gee van sy voorneme om dit te doen en kan dan die werkure

hours of work of employees on such shifts to fall within the hours of 06h00 and 22h00 on five days in a week: Provided that—

(a) all work done on shifts which fall within the definition of "night work" in this Agreement shall be paid for at night rates;

(b) shift work as contemplated by this subsection shall in respect of female employees be entirely voluntary. No female employee shall be prejudiced in any way should she decline to work shift work;

(c) female employees on shift work shall be provided by their employer with transport should no suitable public transport be available; and that

(d) employees on shift work shall be given a meal break of half an hour instead of the one hour mentioned in subsection (5).

(5) An employer shall arrange the working hours on all days on which the working time exceeds five hours so as to allow for a break of at least one hour after five hours' continuous work: Provided that for this purpose work interrupted by breaks of less than one hour shall be deemed to be continuous.

(6) Subject to the provisions of subsection (4) no employer shall require or permit a female employee to work normal time between 18h00 and 06h00 or after 13h00 on more than five days in any calendar week. Under no circumstances, whether on normal time or overtime, may a female employee be required or permitted to work after 22h00.

(7) Labourers on maintenance whose duties require that they should work on Sundays may be authorised by an exemption certificate issued by the local Joint Board, or by the Standing Committee where no Joint Board exists, to work on Sundays at normal rates of pay, for a number of hours to be stipulated in such exemption certificate; and any hours worked on Sundays in excess of the hours so stipulated shall be paid for at the rates prescribed by section 49 of this Agreement.

(8) An employer who requires any of his regular labourers to work short time shall give such employees at least 12 hours' notice thereof. An employer shall pay to any such employee working short time not less than 24 hours' wages in any working week.

(9) Employers and employees shall not permit less than eight hours to elapse between the finishing of one day's or night's work and the commencing of another by the same employee. This shall not prohibit the performance of work necessitated by a special emergency.

(10) For the purposes of this Agreement, the day of the commencement of a shift shall determine the day on which that shift is worked and all time worked on that shift, including any time in excess of the normal hours of the shift, shall be deemed to have been worked on the same day.

49. OVERTIME

(1) Subject to the restrictions on overtime imposed in subsections (2) and (3) hereof, all hours in excess of the hours prescribed in section 48 (1) of this Agreement shall be regarded as overtime, and subject to the provisions hereinafter stated, employers shall pay for overtime at the following rates and employees shall not accept less than such rates:

(a) Time and one-third for the first six hours' overtime or part thereof in any one working week; time and one-half for the next four hours overtime or part thereof in such week; and double time for any further overtime worked in such week: Provided that the provisions of this paragraph may be modified in terms of paragraph *(d)* of this subsection. Time worked on the house half-holiday, a special paid holiday and on Sunday shall not be included for the purposes of ascertaining the overtime rate applicable in terms of this paragraph;

(b) subject to the provisions of paragraphs *(c)* and *(d)* time worked by an employee on any day in excess of four hours beyond the normal hours of his shift shall be paid for at double time, but shall not be included in the total weekly hours for the purpose of calculating overtime payable in terms of paragraph *(a)*;

(c) (i) time worked on the day of the house half-holiday in excess of the usual number of hours worked on that day shall be paid for at double time;

van werknemers op sodanige skofte so reël dat dit binne die ur 06h00 en 22h00 op vyf dae in 'n week val: Met dien verstande dat—

(a) daar vir alle werk wat verrig word op skofte wat binne di omskrywing van „nagwerk" in hierdie Ooreenkoms val, tee die nagtariewe betaal moet word;

(b) skofwerk soos in hierdie subklousule bedoel word, ten op sigte van vroulike werknemers heeltemal vrywillig moe wees en dat geen vroulike werknemer op enige manie benadeel mag word nie indien sy weier om skofwerk te verrig;

(c) vroulike werknemers wat skofwerk verrig, deur hul werkge wer van vervoer voorsien moet word indien geen geskikte openbare vervoer beskikbaar is nie; en dat

(d) daar aan werknemers wat skofwerk verrig, 'n etenspouse van 'n halfuur toegestaan moet word in plaas van die uur wat in subklousule (5) genoem word.

(5) 'n Werkgewer moet die werkure op alle dae waarop die werktyd langer as vyf uur is, so reël dat 'n pouse van minstens een uur na vyf uur ononderbroke werk toegestaan word: Met dien verstande dat, vir die toepassing hiervan, werk wat deur pouses van korter as een uur onderbreek word, geag word aaneenlopend te wees.

(6) Behoudens subklousule (4), mag geen werkgewer van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om haar gewone werk tussen 18h00 en 06h00 of na 13h00 op meer as vyf dae in 'n kalenderweek te verrig nie. Onder geen omstandighede mag daar van 'n vroulike werknemer vereis word of mag sy toegelaat word om haar gewone werk of oortydwerk na 22h00 te verrig nie.

(7) Arbeiders wat onderhoudswerk verrig en wie se dienste dit vereis dat hulle op Sondae moet werk kan by wyse van 'n vrystellingsertifikaat, uitgereik deur die plaaslike Gesamentlike Raad of deur die Staande Komitee, waar daar geen Gesamentlike Raad bestaan nie, gemagtig word om op Sondae teen hul gewone loon te werk vir 'n getal ure wat in sodanige vrystellingsertifikaat gemeld moet word; en vir alle ure wat daar op Sondae langer gewerk word as die ure aldus gemeld, moet die loon betaal word soos in klousule 49 van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf.

(8) 'n Werkgewer wat van sy gereelde arbeiders vereis om korttyd te werk, moet sodanige werknemers minstens 12 uur vooraf kennis daarvan gee. 'n Werkgewer moet sodanige werknemer wat korttyd werk, minstens 24 uur se loon in 'n werkweek betaal.

(9) Werkgewers en werknemers mag nie toelaat dat daar minder as agt uur tussen die uitskeityd van een dag of nag se werk en die begintyd, vir dieselfde werknemer, van 'n daaropvolgende dag of nag se werk verloop nie. Die verrigting van werk wat deur 'n spesiale noodgeval genoodsaak word, word nie hierby verbied nie.

(10) Vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms word die dag waarop 'n skof gewerk word, bepaal volgens die dag waarop sodanige skof begin word, en alle tyd wat op sodanige skof gewerk word, met inbegrip van alle tyd wat daar langer as die gewone ure van die skof gewerk word, word geag op dieselfde dag gewerk te gewees het.

49. OORTYD

(1) Behoudens die beperkings op oortyd wat in subklousules (2) en (3) hiervan opgelê word, moet alle ure wat gewerk word bo dié in klousule 48 (1) van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf, beskou word as oortyd, en onderworpe aan die bepalings soos hieronder uiteengesit, moet werkgewers vir oortydwerk teen die volgende tariewe betaal en werknemers mag nie minder as dié tariewe aanneem nie:

(a) Vir die eerste ses uur oortyd of gedeelte daarvan in 'n werkweek, een en 'n derde maal die gewone loon; vir die daaropvolgende vier uur oortyd of gedeelte daarvan in dié week, een en 'n half maal die gewone loon; en vir verdere oortyd in die week gewerk, dubbel die gewone loon: Met dien verstande dat hierdie paragraaf gewysig mag word ingevolge paragraaf *(d)* van hierdie subklousule. Vir die doel om vas te stel watter oortydtarief ingevolge hierdie paragraaf van toepassing is, word tyd wat op die inrigting se vakansiehalfdag, 'n spesiale vakansie dag met volle betaling en op Sondag gewerk word, nie ingesluit nie;

(b) behoudens paragrawe *(c)* en *(d)* moet vir tyd wat 'n werknemer op 'n dag langer as vier uur bo die gewone ure van sy skof werk, teen dubbel die gewone loon betaal word, maar dit mag nie vir die doel om die oortyd te bereken wat ingevolge paragraaf *(a)* betaalbaar is, by die totale weeklikse ure ingesluit word nie;

(c) (i) vir die tyd gewerk op 'n inrigting se vakansiehalfdag bo die gewone getal ure wat op daardie dag gewerk word, moet daar teen dubbel die gewone loon betaal word;

(ii) whenever an employee works on a Sunday, his employer shall either pay to the employee—

(A) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than the ordinary remuneration payable in respect of the period ordinarily worked by him on a week-day; or

(B) if he so works for a period exceeding four hours, remuneration at a rate not less than double his ordinary rate of remuneration, in respect of the total period worked on such Sunday, or remuneration which is not less than double the ordinary remuneration payable in respect of the period ordinarily worked by him on a week-day, whichever is the greater; or

(C) pay the employee remuneration at a rate not less than one and one-third times his ordinary rate of remuneration in respect of the total period worked on such Sunday and grant him within seven days of such Sunday one day's holiday and pay him in respect thereof remuneration at a rate not less than his ordinary rate of remuneration as if he had on such holiday worked his average ordinary working hours for that day of the week;

(iii) night workers engaged on newspapers shall be entitled to ordinary overtime rates only for overtime worked on Sundays: Provided, however, that—

(A) all time worked by such employees from the completion of their Friday shift—normal time and overtime—until the normal starting time of their Sunday shift shall be paid for at double time;

(B) subject to the provisions of section 49 (1) *(a)* such employees shall not be entitled to double time for time worked before the normal starting time of any other shift; and

(C) such employees working a five-night week, who work on their day off other than that mentioned in proviso (A) of this subparagraph, shall be paid at the rates mentioned in section 49 (1) *(a)* for the first four hours worked and at double time for all further time worked on such day;

(d) in cases where work is performed by the regular staff of employees on Saturdays or Sundays in connection with the production of late Saturday evening and Sunday newspapers, the excess overtime rates payable to the employees concerned shall, notwithstanding anything to the contrary hereinbefore contained, be mutually agreed upon between the employer and the local branch of the Trade Union, with the right to appeal to the Joint Board concerned and/or to the Standing Committee. A copy of any such agreement shall be submitted to the Standing Committee for registration;

(e) in establishments where the weekly working hours prescribed in section 48 (1) of this Agreement are completed in five days (that is from Monday to Friday, inclusive) time worked on Saturdays until 12h00 shall be paid for in terms of paragraphs *(a)* and *(b)* of this subsection, and after 12h00 at double time;

(f) for the purposes of this section each week shall stand on its own: Provided that time lost by an employee through illness or at the request of the employer shall not be required to be made up before overtime is calculated. Time lost by an employee through any other cause, shall first be made up before any overtime is calculated;

(g) for the purposes of this section, overtime rates shall be calculated in terms of section 47 (5) on the rate at which the employee is ordinarily paid.

(2) An employer shall not require or permit an employee to work overtime for a total period exceeding in any one week—

(a) ten hours; or

(b) a number of hours (which may exceed 10) fixed by the local Joint Board or the Standing Committee where no Joint Board exists, by notice, in writing, to the employer specifying the employee, or class of employee, in respect of whom the notice is applicable, and the period for which and the conditions under which it shall be valid.

(3) An employer shall not require or permit a female employee to work overtime—

(a) for more than two hours on any one day: Provided, however, that this provision shall not apply in respect of overtime

(ii) wanneer 'n werknemer op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer die werknemer—

(A) as hy vir 'n tydperk van hoogstens vier uur aldus werk, minstens die gewone besoldiging betaal wat betaalbaar is ten opsigte van die tydperk wat hy gewoonlik op 'n weekdag werk; of

(B) as hy vir 'n tydperk van langer as vier uur aldus werk, ten opsigte van die totale tydperk wat hy op dié Sondag werk, besoldiging teen minstens dubbel sy gewone loon betaal, of besoldiging van minstens dubbel die gewone besoldiging betaalbaar ten opsigte van die tydperk wat hy gewoonlik op 'n weekdag werk, naamlik die grootste bedrag; of

(C) aan die werknemer ten opsigte van die totale tydperk wat op die Sondag gewerk is, besoldiging teen minstens een en 'n derde maal sy gewone loon betaal en hom binne sewe dae na dié Sondag een dag verlof toestaan en hom ten opsigte daarvan besoldiging betaal teen minstens sy gewone loontarief asof hy op dié verlofdag sy gemiddelde werkure vir daardie dag van die week gewerk het;

(iii) nagwerkers in diens by koerante is alleen vir oortyd op Sondag gewerk, op die gewone oortydtariewe geregtig: Met dien verstande egter dat—

(A) vir alle tyd deur sulke werknemers gewerk vanaf die voltooiing van hul Vrydagskof—gewone tyd en oortyd—tot die gewone aanvangstyd van hul Sondagskof, teen dubbel die gewone loon betaal moet word;

(B) behoudens klousule 49 (1) *(a)*, hierdie werknemers nie geregtig is op dubbel die gewone loon vir tyd gewerk voor die gewone aanvangstyd van enige ander skof nie; en

(C) sodanige werknemers wat 'n werkweek van vyf nagte het en wat werk op hul diensvrye dag, behalwe dié genoem in voorbehoudsbepaling (A) van hierdie subparagraaf, betaal moet word teen die tariewe genoem in klousule 49 (1) *(a)* vir die eerste vier uur gewerk en teen dubbel die gewone loon vir alle verdere tyd op sodanige dag gewerk;

(d) in gevalle waar die vaste werknemerpersoneel op Saterdag of Sondag werk in verband met die druk van laat Saterdagaand- en Sondagkoerante, moet die ekstra oortydtariewe wat aan die betrokke werknemers betaalbaar is, ondanks enigiets anders hierin vervat, by onderlinge ooreenkoms tussen die werkgewer en die plaaslike tak van die vakvereniging vasgestel word, met die reg van beroep op die betrokke Gesamentlike Raad en/of die Staande Komitee. 'n Eksemplaar van enige sodanige ooreenkoms moet vir registrasie by die Staande Komitee ingedien word;

(e) in inrigtings waar die weeklikse werkure, voorgeskryf by klousule 48 (1) van hierdie Ooreenkoms, in vyf dae (nl. van Maandag tot en met Vrydag) voltooi word, moet vir tyd op Saterdae tot 12h00 gewerk, ooreenkomstig paragrawe *(a)* en *(b)* van hierdie subklousule betaal word, en ná 12h00 teen dubbel die gewone loon;

(f) vir die toepassing van hierdie klousule word elke week afsonderlik beskou: Met dien verstande dat tyd wat 'n werknemer verloor weens siekte of op versoek van die werkgewer, nie ingehaal hoef te word voordat oortyd bereken word nie. Tyd wat deur 'n werknemer om enige ander rede verloor word, moet eers ingehaal word voordat enige oortyd bereken word;

(g) vir die toepassing van hierdie klousule word oortydtariewe bereken ooreenkomstig klousule 47 (5) volgens die tarief waarteen die werknemer gewoonlik betaal word.

(2) 'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om in 'n week altesaam langer oortyd te werk nie as—

(a) tien uur; of

(b) 'n getal ure (wat meer as 10 mag wees) deur die plaaslike Gesamentlike Raad of die Staande Komitee as daar geen Gesamentlike Raad is nie, vasgestel by skriftelike kennisgewing aan die werkgewer met vermelding van die werknemer of klas werknemer ten opsigte van wie die kennisgewing van toepassing is, en die tydperk waarvoor en die voorwaardes waarop dit geldig is.

(3) 'n Werkgewer mag nie van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om soos volg oortyd te werk nie:

(a) Langer as twee uur op 'n dag: Met dien verstande egter dat hierdie bepaling nie van toepassing is nie op oortyd gewerk

worked on Saturday mornings in establishments where a five-day week is in operation;

(b) on more than three consecutive days;

(c) on more than 60 days in any year;

(d) after the completion of her daily working hours for more than one hour on any day unless he has—

(i) given notice thereof to such employee before 12h00; or

(ii) provided such employee with an adequate meal before she has to commence overtime; or

(iii) paid such employee an allowance of 30c in sufficient time to enable the employee to obtain a meal before the overtime is due to commence.

50. LEAVE

(1) Every employer shall grant to every labourer in his employ in respect of each period of 12 months' employment by him, and not later than two months after the termination of the said period [except as provided in subsections (8) and (9) of this section], leave of absence on full pay of not less than three weeks: Provided that—

(a) the period of such leave shall not be concurrent with any period during which the employee is under notice of termination of employment, is on paid sick leave or, except at the written request of the employee, when he is required to undergo service under the Defence Act; and

(b) if any public holiday referred to in subsection (10) hereof falls within the period of such leave, such holiday shall be added to the said period as a further period of leave of absence on full pay.

(2) The employer shall pay to a labourer to whom leave is granted under subsection (1) hereof his pay in respect of the period of leave not later than the last working day before the commencement of the said period. Where payment is made by cheque, facilities shall be granted to the employee concerned to enable him to cash the cheque on the last working day before going on leave.

(3) Upon termination of employment, the employer shall pay to a labourer—

(a) his full pay in respect of any period of leave which has accrued to him but was not granted before the date of termination of employment;

(b) three forty-ninths of a week's pay in respect of each week of service with the employer after he last became entitled to leave in terms of subsection (1) hereof, or, in the case of an employee who has been employed for less than 12 months, for each week of service with the employer. Broken weeks shall be paid for in proportion; and

(c) the amount due in respect of the proportionate holiday bonus accrued in terms of subsection (12) hereof. Broken weeks shall be paid for in proportion.

(4) Any period during which a labourer—

(a) is on leave in terms of subsection (1) hereof;

(b) is absent from work on the instructions or at the request of his employer;

(c) is absent from work owing to illness;

(d) is absent from work as a result of an injury; or

(e) undergoes service under the Defence Act;

shall be deemed to be employment for the purposes of subsections (1) and (3) hereof: Provided that—

(i) the provisions of paragraph *(c)* shall not apply in respect of any period of absence owing to illness of more than three consecutive days, if the employee, not being an employee referred to in subparagraph (ii) fails, after a request for such certificate by the employer, to submit to the employer a certificate by a medical practitioner that he was prevented by illness from doing his work or in respect of that portion of any total period of absence during any 12 months of employment which is in excess of 35 days;

(ii) a labourer whose employer is required in terms of any regulation under the Bantu Labour Act, 1964 (Act 67 of 1964), to provide for the care and treatment of such employee when sick or injured shall not be required to submit a certificate by a medical practitioner in respect of any period of absence referred to in subparagraph (i);

op Saterdagoggende in inrigtings met 'n werkweek van vy dae;

(b) op meer as drie opeenvolgende dae;

(c) op meer as 60 dae in 'n jaar;

(d) na beëindiging van haar daaglikse werkure, langer as ee uur op 'n dag, tensy hy—

(i) dié werknemer vóór 12h00 daarvan in kennis geste het; of

(ii) aan dié werknemer 'n toereikende ete verskaf he voordat sy met oortyd moet begin; of

(iii) dié werknemer betyds 'n toelae van 30c betaal het or haar in staat te stel om 'n ete te nuttig voordat sy me oortydwerk begin.

50. VERLOF

(1) Elke werkgewer moet aan elke arbeider in sy diens ten opsigte van elke tydperk van 12 maande diens by hom, en nie later as twee maande na die beëindiging van genoemde tydperk nie [behalwe soos bepaal in subklousules (8) en (9) van hierdie klousule], verlof met volle betaling van minstens drie weke toestaan: Met dien verstande dat—

(a) die tydperk van die verlof nie mag saamval nie met enige tydperk waarin die werknemer onder diensopsegging staan, met siekteverlof is of, behalwe op die skriftelike versoek van die werknemer, wanneer hy verplig word om diens kragtens die Verdedigingswet te ondergaan; en

(b) as enige openbare vakansiedag wat in subklousule (10) hiervan genoem word, binne die tydperk van dié verlof val, dié vakansiedag by genoemde tydperk as 'n verdere verloftydperk met volle betaling gevoeg moet word.

(2) Die werkgewer moet aan 'n arbeider aan wie verlof ingevolge subklousule (1) hiervan toegestaan word, sy loon voor of op die laaste werkdag vóór die aanvang van genoemde tydperk betaal. Ingeval betaling per tjek plaasvind, moet geriewe aan die betrokke werknemer gegee word om hom in staat te stel om die tjek te wissel op die laaste werkdag voordat hy met verlof gaan.

(3) By diensbeëindiging moet die werkgewer 'n arbeider soos volg betaal—

(a) Sy volle loon ten opsigte van enige tydperk van verlof wat vir hom opgehoop het maar nie voor die datum van diensbeëindiging aan hom toegestaan is nie;

(b) drie nege-en-veertigstes van 'n week se loon ten opsigte van elke week diens by die werkgewer nadat hy laas op verlof geregtig geword het ingevolge subklousule (1) hiervan, of, in die geval van 'n werknemer wat minder as 12 maande in diens was, vir elke week diens by die werkgewer. Vir gedeeltes van weke moet na verhouding betaal word; en

(c) die bedrag verskuldig ten opsigte van die eweredige vakansiebonus wat ingevolge subklousule (12) hiervan opgeloop het. Vir gedeeltes van weke moet na verhouding betaal word.

(4) Enige tydperk waarin 'n arbeider—

(a) met verlof is ingevolge subklousule (1) hiervan; of

(b) van die werk afwesig is op las of op versoek van sy werkgewer;

(c) van die werk afwesig is weens siekte;

(d) van die werk afwesig is as gevolg van 'n besering; of

(e) diens kragtens die Verdedigingswet ondergaan;

moet vir die toepassing van subklousules (1) en (3) hiervan as diens geag word: Met dien verstande dat—

(i) paragraaf *(c)* nie van toepassing is nie ten opsigte van enige tydperk van afwesigheid weens siekte van meer as drie agtereenvolgende dae, as die werknemer, wat nie 'n werknemer is soos by subparagraaf (ii) bedoel nie, versuim, nadat hy deur die werkgewer om so 'n sertifikaat versoek is, om aan die werkgewer 'n sertifikaat van 'n mediese praktisyn voor te lê wat verklaar dat hy deur siekte verhinder was om sy werk te doen of ten opsigte van daardie gedeelte van enige totale tydperk van afwesigheid gedurende enige 12 maande diens wat meer as 35 dae is;

(ii) daar nie van 'n arbeider, wie se werkgewer kragtens enige regulasie ingevolge die Wet op Bantoe-arbeid, 1964 (Wet 67 van 1964), verplig is om voorsiening te maak vir die sorg en behandeling van sodanige werknemer wanneer hy siek of beseer is, verwag moet word om 'n sertifikaat deur 'n mediese praktisyn ten opsigte van enige tydperk van afwesigheid in subparagraaf (i) genoem, voor te lê nie;

(iii) the period of military service deemed to be employment for the purpose of paragraph *(e)* shall not exceed a total period of four months during any calendar year.

(5) Any amount paid to a labourer in terms of subsection (2) or (3) hereof shall be calculated at the rate of remuneration which the employee was receiving immediately prior to the date on which the leave became due or his employment terminated, as the case may be.

(6) In this section, the expression ''employer'' includes—

(a) in the case of the death of an employer, the executor of his estate, or his heir or legatee; and

(b) in the case of the insolvency of an employer or the liquidation of his estate, or the transfer or sale of his business, the trustee or liquidator or the new owner of the business;

if such executor, heir, legatee, trustee, liquidator or new owner continues to employ that employee.

(7) For the purposes of this section, employment shall be deemed to commence on—

(a) the date on which the labourer entered the employer's service; or

(b) the first day of September 1941, whichever is the later.

(8) In the municipal area of Cape Town an employer may arrange for his labourers to take their annual leave in the form of one week between Christmas and New Year and the balance in ordinary or statutory holidays to make up the full number of days' leave of absence provided in subsection (1) hereof.

(9) Subject to the provisions of subsection (8) hereof, the Standing Committee may issue an exemption certificate authorising the accumulation of the holiday leave due to a labourer in terms of subsection (1) hereof: Provided that in the event of such accumulation of such leave the money due to the employee for each 12 months' leave shall be deposited by the employer with an officer of the Council to be designated in the exemption certificate, to be held in trust for such employee until he takes the holiday leave due to him, when it shall be paid to him prior to his proceeding on leave.

(10) *(a)* If a labourer is in the employ of his employer the day prior to and also subsequent to the special holiday mentioned and does not work on New Year's day, Good Friday, Easter Monday, Ascension Day, Republic Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, his employer shall pay him in respect of such day remuneration at a rate not less than his ordinary rate of remuneration as if he had on such day worked his average ordinary working hours for that day of the week: Provided that if an employee is absent from work without the permission of his employer or without the production of an acceptable medical certificate on the whole or part of the working day immediately prior to or subsequent to the special holiday the employee shall, subject to the approval of the Joint Board concerned or the Standing Committee where no Joint Board exists, forfeit his right to be paid for such holiday.

(b) Whenever a labourer works on New Year's Day, Good Friday, Easter Monday, Ascension Day, Republic Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, his employer shall pay him remuneration at a rate not less than his ordinary rate of remuneration in respect of the total period worked on such day, in addition to the remuneration to which he would have been entitled had he not so worked.

(11) An employer who proposes to make any deduction from the period of annual leave normally granted or in respect of a special holiday, shall submit full details of the matter to the Standing Committee through the Joint Board for the area concerned, if any.

(12) An employer shall pay to every labourer, other than a labourer in the Screen Printing Section, who has had two years' or more experience in the Industry a holiday bonus at the time when the leave pay due to that employee is paid to him. The holiday bonus shall accrue at the rate of R1,50 per week for each week of employment with the particular employer. For the purposes of this subsection ''employment'' shall have the meaning given to it in subsection (4) hereof, except that the holiday bonus shall not accrue for any period during which a labourer is absent on leave. In the case of a labourer who completes two years' experience in the Industry during a particular year, the bonus for that year shall accrue only from the date on which he completes, or completed, his two years' experience.

(iii) die tydperk van militêre diens wat vir die doeleindes van paragraaf *(e)* as diens geag word, nie 'n totale tydperk van vier maande gedurende enige kalenderjaar te bowe gaan nie.

(5) Enige bedrag wat aan 'n arbeider kragtens subklousule (2) of (3) hiervan betaal word, moet bereken word teen die loontarief wat die werknemer ontvang het onmiddellik voor die datum waarop die verlof verskuldig geword het of sy diens beëindig is, na gelang van die geval.

(6) In hierdie klousule omvat die uitdrukking ,,werkgewer''—

(a) in die geval van die dood van 'n werkgewer, die eksekuteur van sy boedel, of sy erfgenaam of legataris; en

(b) in die geval van die insolvensie van 'n werkgewer of die likwidering van sy boedel, of die oordrag of verkoop van sy besigheid, die trustee of likwideerder of die nuwe eienaar van die besigheid;

indien sodanige eksekuteur, erfgenaam, legataris, trustee, likwideerder of nuwe eienaar voortgaan om daardie werknemer in diens te hê.

(7) Vir die toepassing van hierdie klousule word diens geag te begin op—

(a) die datum waarop die arbeider by die werkgewer in diens getree het; of

(b) die eerste dag van September 1941, naamlik die jongste datum.

(8) In die munisipale gebied van Kaapstad kan 'n werkgewer reëlings tref dat sy arbeiders hul jaarlikse verlof neem in die vorm van een week tussen Kersdag en Nuwejaar en die orige gedeelte op gewone of wetlike vakansiedae ten einde die volle getal dae verlof te geniet waarvoor voorsiening in subklousule (1) hiervan gemaak word.

(9) Behoudens subklousule (8) hiervan mag die Staande Komitee 'n vrystellingsertifikaat uitreik wat die ophoping magtig van verlof wat ingevolge subklousule (1) hiervan aan 'n arbeider verskuldig is: Met dien verstande dat in geval van die ophoping van sodanige verlof, die geld wat aan die werknemer verskuldig is vir elke 12 maande verlof, deur die werkgewer gedeponeer moet word by 'n beampte van die Raad wat in die vrystellingsertifikaat genoem moet word, om vir sodanige werknemer in trust gehou te word totdat hy die verlof neem wat aan hom verskuldig is, wanneer dit aan hom betaal moet word voordat hy met verlof gaan.

(10) *(a)* As 'n arbeider in diens van sy werkgewer is op die dag vóór en ook ná die spesiale vakansiedae genoem, en nie op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Paasmaandag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag werk nie, moet sy werkgewer hom ten opsigte van sodanige dag betaal teen 'n tarief van minstens sy gewone loontarief asof hy op sodanige dag sy gemiddelde gewone werkure vir daardie dag van die week gewerk het: Met dien verstande dat as 'n werknemer van sy werk afwesig is sonder die toestemming van sy werkgewer of sonder om 'n aanvaarbare mediese sertifikaat op die volle of 'n gedeelte van die werkdag onmiddellik voor of na die spesiale vakansiedag voor te lê, die werknemer, behoudens die goedkeuring van die betrokke Gesamentlike Raad, of die Staande Komitee as daar geen Gesamentlike Raad is nie, sy reg om vir sodanige vakansiedag betaal te word, verbeur.

(b) Wanneer 'n arbeider op Nuwerjaarsdag, Goeie Vrydag, Paasmaandag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag werk, moét sy werkgewer hom besoldig teen 'n tarief van minstens sy gewone loontarief ten opsigte van die totale tydperk op sodanige dag gewerk, benewens die besoldiging waarop hy geregtig sou gewees het as hy nie aldus gewerk het nie.

(11) 'n Werkgewer wat voornemens is om enige aftrekking van die tydperk van jaarlikse verlof te doen wat gewoonlik toegestaan word of ten opsigte van 'n spesiale vakansiedag, moet volle besonderhede van die saak voorlê aan die Staande Komitee deur tussenkoms van die Gesamentlike Raad vir die betrokke gebied, as daar een is.

(12) 'n Werkgewer moet aan elke arbeider, uitgesonderd 'n arbeider in die Skermdrukafdeling, wat twee jaar of meer ondervinding in die Nywerheid gehad het, 'n vakansiebonus betaal wanneer die verlofbesoldiging wat aan daardie werknemer verskuldig is, aan hom betaal word. Die vakansiebonus moet oploop teen 'n koers van R1,50 per week vir elke week diens by die besondere werkgewer. Vir die toepassing van hierdie subklousule moet aan ,,diens'' die betekenis geheg word wat daaraan by subklousule (4) hiervan gegee word, behalwe dat die vakansiebonus nie mag oploop vir enige tydperk waarin 'n arbeider met verlof afwesig is nie. In die geval van 'n arbeider wat gedurende 'n bepaalde jaar twee jaar ondervinding in die Nywerheid gehad het, moet die bonus vir daardie jaar oploop slegs vanaf die datum waarop hy sy twee jaar ondervinding voltooi of voltooi het.

CHAPTER 9

DUPLICATING SECTION

51. SCOPE OF APPLICATION

The provisions of this Chapter shall apply only in respect of those employees employed in the Duplicating section for whom wage rates are prescribed in section 53: Provided, however, that, with the exception of general workers, employees, the product of whose labour on any particular day or days is not intended for direct monetary reward to the employer, but is intended exclusively for the personal administration of the employer's business, shall not be covered by the terms of this Chapter in respect of the day or days on which such work is performed.

52. DEFINITIONS

For the purposes of this Chapter, unless inconsistent with the context—

"duplicator operator" means an employee who operates a duplicating machine and who may, in addition, operate an electronic stencil making machine;

"duplicating paper cutterman" means an employee employed upon the cutting of duplicating paper to standard sizes for resale, or for use in the business of the employee's employer, by means of a power or manually operated cutting machine;

"experience" means the period of employment in connection with duplicating as defined, calculated without making any adjustment in respect of any short time, part-time or overtime worked during such employment, but excluding employment as a general worker;

"general worker" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities, duties or operations:

(a) Affixing postage stamps on letters, parcels or other articles for posting or using a manually operated franking machine;

(b) affixing printed or ready addressed labels on to bottles, bales, boxes or other packages;

(c) assembling boxes from shooks by hand;

(d) assisting on delivery vehicles;

(e) carrying, moving or stacking goods, or unpacking goods;

(f) changing wheels or repairing punctures;

(g) cleaning premises or vehicles, furniture, utensils, filter presses, machinery, implements, tools or other articles on his employer's premises;

(h) collecting cash in the case of C.O.D. sales, or accepting written orders;

(i) delivering or conveying letters, messages or goods on foot or by means of a bicycle, tricycle or other hand or foot propelled vehicle;

(j) feeding or taking off from automatic or semi-automatic machines, moving belt or platform;

(k) folding or enveloping mail;

(l) guarding movable property during the business hours of an establishment;

(m) loading or unloading vehicles;

(n) making or maintaining fires or removing refuse or ashes;

(o) making tea or similar beverages for, or serving tea or similar beverages to, employees or his employer or guests, or cooking rations;

(p) marking, branding or stencilling bales, tins, boxes or other packages by hand;

(q) nailing boxes by hand or repairing boxes or crates;

(r) oiling or greasing machinery or vehicles, other than motor vehicles;

(s) opening or closing doors or windows or bales, boxes or other packages;

(t) operating a goods lift or hoist;

(u) packing articles of uniform size and number into containers specially designed to contain such articles, or packing articles or specific groups of articles into containers specially designed to contain such articles, or groups of articles, or packing articles into open containers for local delivery;

(v) sorting packages, parcels or stencils or wrapping parcels;

HOOFSTUK 9

DUPLISEERAFDELING

51. TOEPASSINGSBESTEK

Hierdie Hoofstuk is slegs van toepassing ten opsigte van daardie werknemers in diens in die Dupliseerafdeling vir wie loontariewe in klousule 53 voorgeskryf word: Met dien verstande egter dat, met uitsondering van algemene werkers, werknemers wie se werkproduk op 'n besondere dag of dae nie vir regstreekse geldelike beloning aan die werkgewer bedoel is nie maar slegs vir die persoonlike administrasie van die werkgewer se besigheid, nie deur hierdie hoofstuk gedek word ten opsigte van die dag of dae waarop sodanige werk verrig word nie.

52. WOORDOMSKRYWING

Vir die toepassing van hierdie hoofstuk, tensy dit onbestaanbaar met die samehang is, beteken—

„dupliseermasjienbediener" 'n werknemer wat 'n dupliseermasjien bedien en wat daarbenewens 'n elektroniese stensilsnymasjien mag bedien;

„dupliseerpapiersnyer" 'n werknemer wat dupliseerpapier na standaardgroottes vir herverkoping sny, of vir gebruik in die besigheid van die werknemer se werkgewer, deur middel van 'n krag- of handsnymasjien;

„ondervinding" die tydperk van diens in verband met duplisering soos omskryf, bereken sonder om enige aanpassing te maak ten opsigte van korttyd, deeltydse tyd of oortyd gewerk gedurende sodanige diens, maar uigesonderd diens as 'n algemene werker;

„algemene werker" 'n werknemer wat in diens is in een of meer van ondergenoemde hoedanighede, pligte of werksaamhede:

(a) Posseëls op briewe, pakkette of ander artikels plak wat gepos moet word, of 'n handfrankeermasjien bedien;

(b) gedrukte of klaar geadresseerde etikette aan bottels, bale, kaste of ander verpakkings heg;

(c) kaste van duie met die hand aanmekaar sit;

(d) op afleweringsvoertuie help;

(e) goedere dra, verskuif of opstapel of goedere uitpak;

(f) wiele omruil of lekke heelmaak;

(g) persele of voertuie, meubels, gerei, filterperse, masjinerie, implemente, gereedskap of ander artikels op sy werkgewer se perseel skoonmaak;

(h) kontant in die geval van K.B.A.-verkope invorder of skriftelike bestellings aanneem;

(i) briewe, boodskappe of goerdere te voet of met 'n trapfiets, driewiel of ander hand- of voetvoertuig aflewer of vervoer;

(j) outomatiese of halfoutomatiese masjiene, bewegende band of platform voer of daarvan afneem;

(k) pos opvou of in koeverte sit;

(l) roerende eiendom gedurende die besigheidsure van 'n inrigting bewaak;

(m) voertuie laai of aflaai;

(n) vuurmaak of vure aan die gang hou of afval of as verwyder;

(o) tee of dergelike dranke maak of tee of dergelike dranke opdien aan werknemers of sy werkgewer of gaste, of rantsoene gaarmaak;

(p) bale, blikke, kaste of ander verpakkings met die hand merk, brandmerk of sjabloneer;

(q) kaste met die hand aanmekaar spyker of kaste of kratte heelmaak;

(r) masjinerie of voertuie, uitgesonderd motorvoertuie, olie of smeer;

(s) deure of vensters of bale, kaste of ander verpakkings oopmaak of toemaak;

(t) 'n goederehyser of -hystoestel bedien.

(u) artikels van eenvormige grootte en getal verpak in houers wat spesiaal ontwerp is om sulke artikels te bevat, of artikels of spesifieke groepe artikels verpak in houers wat spesiaal ontwerp is om sulke artikels of groepe artikels te bevat, of artikels in oop houers vir plaaslike aflewering verpak;

(v) pakkies, pakkette of stensils sorteer of pakkette toedraai;

(w) strapping or wiring boxes;
(x) using rubber or other stamps, involving no discretion;
(y) washing overalls, uniforms or protective clothing;
(z) gathering or stapling of duplicated matter.

53. WAGES

(1) No employer shall pay and no employee shall accept wages at rates lower than the following:

(a) Duplicating paper cuttermen:

	All areas per week	
	1978	1979
	R	R
Employed on the operation of a cutting machine designed for operation by power	55,95	60,15
Employed on the operation of a cutting machine designed solely for manual operation	29,11	31,29

(b) Typists and stencil cutters:

In all areas—experience in the Industry	1978 Per week	1979 Per week
	R	R
First year	44,34	47,67
Second year	50,66	54,46
Third year	56,99	61,26
Thereafter	63,34	68,09

(c) Duplicator operators:

In the Magisterial Districts of Bellville, The Cape, Goodwood, Kuils River, Johannesburg, Randburg, Simonstown and Wynberg:

1978

Experience in the Industry	Males		Females	
	Per week	Per month	Per week	Per month
	R	R	R	R
First year	20,47	88,70	16,89	73,21
Second year	25,99	112,63	20,47	88,70
Thereafter	31,20	135,18	22,21	96,26

1979

Experience in the Industry	Males		Females	
	Per week	Per month	Per week	Per month
	R	R	R	R
First year	22,01	95,35	18,16	78,70
Second year	27,94	121,08	22,01	95,35
Thereafter	33,54	145,32	23,88	103,48

In all other areas:

1978

Experience in the Industry	Males		Females	
	Per week	Per month	Per week	Per month
	R	R	R	R
First year	16,89	73,21	15,21	65,94
Second year	20,47	88,70	16,89	73,21
Thereafter	24,17	104,67	18,66	80,84

1979

Experience in the Industry	Males		Females	
	Per week	Per month	Per week	Per month
	R	R	R	R
First year	18,16	78,70	16,35	70,89
Second year	22,01	95,35	18,16	78,70
Thereafter	25,98	112,52	20,06	86,90

NOTE: No employee who is in receipt of wages higher than those prescribed in this section shall suffer any reduction in wages whilst employed by the same employer.

(w) bande of draad om kaste sit;
(x) rubber- of ander stempels gebruik wat geen onderskeidingsvermoë verg nie;
(y) oorklere, uniforms of beskermende klere was;
(z) gedupliseerde werk bymekaarmaak of vaskram;

53. LONE

(1) Geen werkgewer mag laer loontariewe as ondergenoemde betaal en geen werknemer mag laer loontariewe aanneem nie:

(a) Dupliseerpapiersnyers:

	Alle gebiede per week	
	1978	1979
	R	R
Werksaam op 'n snymasjien wat ontwerp is vir kragaandrywing	55,95	60,15
Werksaam op 'n snymasjien wat uitsluitlik vir handaandrywing ontwerp is	29,11	31,29

(b) Tiksters en stensilsnyers:

In alle gebiede—ondervinding in die Nywerheid	1978 Per week	1979 Per week
	R	R
Eerste jaar	44,34	47,67
Tweedejaar	50,66	54,46
Derde jaar	56,99	61,26
Daarna	63,34	68,09

(c) Dupliseermasjienbedieners:

In die landdrosdistrikte Bellville, Die Kaap, Goodwood, Kuilsrivier, Johannesburg, Randburg, Simonstad en Wynberg:

1978

Ondervinding in die Nywerheid	Mans		Vroue	
	Per week	Per maand	Per week	Per maand
	R	R	R	R
Eerste jaar	20,47	88,70	16,89	73,21
Tweede jaar	25,99	112,63	20,47	88,70
Daarna	31,20	135,18	22,21	96,26

1979

Ondervinding in die Nywerheid	Mans		Vroue	
	Per week	Per maand	Per week	Per maand
	R	R	R	R
Eerste jaar	22,01	95,35	18,16	78,70
Tweede jaar	27,94	121,08	22,01	95,35
Daarna	33,54	145,32	23,88	103,48

In alle ander gebiede:

1978

Ondervinding in die Nywerheid	Mans		Vroue	
	Per week	Per maand	Per week	Per maand
	R	R	R	R
Eerste jaar	16,89	73,21	15,21	65,94
Tweede jaar	20,47	88,70	16,89	73,21
Daarna	24,17	104,67	18,66	80,84

1979

Ondervinding in die Nywerheid	Mans		Vroue	
	Per week	Per maand	Per week	Per maand
	R	R	R	R
Eerste jaar	18,16	78,70	16,35	70,89
Tweede jaar	22,01	95,35	18,16	78,70
Daarna	25,98	112,52	20,06	86,90

OPMERKING: 'n Werknemer wat 'n hoër loon ontvang as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word, mag nie 'n laer loon betaal word terwyl hy by dieselfde werkgewer in diens is nie.

(d) General workers:

	1978		1979	
	Under 18 years	18 years of age or over	Under 18 years	18 years of age or over
	R	R	R	R
In the Magisterial Districts of Bellville, the Cape, Goodwood, Kuils River, Johannesburg, Randburg, Simonstown and Wynberg	17,91	21,68	19,70	23,85
In the Magisterial Districts of Bloemfontein, East London, Kimberley, Klerksdorp, Pietermaritzburg, Pinetown and Welkom	16,32	19,49	17,95	21,44
In the Magisterial Districts of Alberton, Balfour, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Durban, Germiston, Hankey, Heidelberg (Tvl), Kempton Park, Kirkwood, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Port Elizabeth, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Uitenhage, Vanderbijlpark, Vereeniging and Westonaria	17,08	20,58	18,79	22,64

(d) Algemene werkers:

	1978		1979	
	Onder 18 jaar	18 jaar of ouer	Onder 18 jaar	18 jaar of ouer
	R	R	R	R
In die landdrosdistrikte Bellville, Die Kaap, Goodwood, Kuilsrivier, Johannesburg, Randburg, Simonstad en Wynberg	17,91	21,68	19,70	23,85
In die landdrosdistrikte Bloemfontein, Oos-Londen, Kimberley, Klerksdorp, Pietermaritzburg, Pinetown en Welkom	16,32	19,49	17,95	21,44
In die landdrosdistrikte Alberton, Balfour, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Durban, Germiston, Hankey, Heidelberg (Tvl.), Kempton Park, Kirkwood, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Port Elizabeth, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Uitenhage, Vanderbijlpark, Vereeniging en Westonaria	17,08	20,58	18,79	22,64

(e) Casual employees shall be paid not less than a full day's wages for each day upon which they are casually employed: Provided that if the period of casual employment exceeds the normal hours for a full day, the hours worked in excess of that day shall be paid for at time and a third of the hourly rate. For the purposes of this paragraph, a casual employee shall be deemed to be an employee who is employed by the same employer on not more than four days in any week, and any employee employed in excess of four days in any week shall be regarded as a regular employee and entitled to at least one week's wages.

(2) An employer shall employ one employee at the highest rate prescribed in subsection (1) *(b)* of this section before employing any other employees of the classes mentioned in that subsection at a lesser rate and shall employ at least one employee at the highest rate prescribed therein for every employee employed at a lesser rate.

(3) For the purpose of ascertaining the wages which shall be payable to an employee of any of the classes mentioned in subsection (1), the total experience of the employee in duplicating, irrespective of the establishment where such experience was gained, shall be reckoned.

(4) *(a)* A day's wages shall be calculated by dividing the weekly wage by six.

(b) For the purpose of ascertaining the hourly rate of wages of an employee, the weekly wages payable in terms of this section shall be divided by the number of hours normally worked in the establishment during the week by employees.

(c) The wage rates prescribed in subsection (1) of this section are inclusive of cost-of-living allowance.

(5) An employer shall not require or permit a duplicating paper cutterman to cut or trim printed (as opposed to duplicated) matter or operate a cutting machine for any purpose other than that mentioned in the definition of that class of employee in section 52 of this Agreement.

(6) An employer shall require every employee who does the work of a duplicating paper cutterman to submit on each day when such work is done, and such employees shall so submit to their employer, time sheets, which shall be furnished by the employer showing the time spent on the work of a duplicating paper cutterman.

(7) An employer shall pay an employee who performs work usually performed by another class of employee for which wages are prescribed in this Agreement in excess of the wages which such former employee ordinarily receives, the higher rate of wages for the whole day during which such work is performed.

54. PIECE-WORK

The giving out by employers and the performance by employees of piece-work and task work is prohibited.

(e) Los werknemers moet vir elke dag waarop hulle los in diens is, minstens 'n volle dag se loon betaal word: Met dien verstande dat as die tydperk van los diens die gewone ure van 'n volle dag te bowe gaan, vir die ure wat bo dié van daardie dag gewerk is, teen minstens een en 'n derde maal die uurloontarief betaal moet word. Vir die toepassing van hierdie paragraaf word 'n los werknemer 'n werknemer geag wat by dieselfde werkgewer in diens is op hoogstens vier dae in 'n week, en 'n werknemer wat meer as vier dae in 'n week werk, moet as 'n gereelde werknemer beskou word en op minstens een week se loon geregtig wees.

(2) 'n Werkgewer moet een werknemer teen die hoogste tarief wat in subklousule (1) *(b)* van hierdie klousule voorgeskryf word, in diens hê voordat hy enige ander werknemers van die klasse in daardie subklousule genoem, in diens neem teen 'n laer tarief en moet minstens een werknemer in diens hê teen die hoogste tarief wat daarin voorgeskryf word vir elke werknemer wat teen 'n laer tarief in diens is.

(3) Ten einde die loon te bepaal wat betaalbaar is aan 'n werknemer van enigeen van die klasse in subklousule (1) genoem, moet die totale ondervinding van die werknemer in dupliseerwerk, ongeag die inrigting waarin sodanige ondervinding opgedoen is, in berekening gebring word.

(4) *(a)* 'n Dag se loon moet bereken word deur die weekloon deur ses te deel.

(b) Ten einde die uurtarief van 'n werknemer se loon te bepaal, moet die weekloon wat ingevolge hierdie klousule betaalbaar is, gedeel word deur die getal ure wat normaalweg in die inrigting gedurende die week deur werknemers gewerk word.

(c) Die loontariewe voorgeskryf in subklousule (1) van hierdie klousule sluit lewenskostetoelae in.

(5) 'n Werkgewer mag nie van 'n dupliseerpapiersnyer vereis of hom toelaat om gedrukte (in teenstelling met gedupliseerde) werk te sny of af te werk nie of om 'n snymasjien te bedien vir enige ander doel as dié in die woordomskrywing van daardie klas werknemers in klousule 52 van hierdie Ooreenkoms genoem nie.

(6) 'n Werkgewer moet van elke werknemer wat die werk van 'n dupliseerpapiersnyer verrig, vereis om tydstate, wat deur die werkgewer verskaf moet word, elke dag wanneer sulke werk gedoen is, in te dien en sodanige werknemers moet dit by hul werkgewer indien, en op dié tydstate moet die tyd aangetoon word wat aan die werk van 'n dupliseerpapiersnyer bestee is.

(7) 'n Werkgewer moet aan 'n werknemer wat werk doen wat gewoonlik verrig word deur 'n ander klas werknemer vir wie lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word wat hoër is as die loon wat sodanige vorige werknemer gewoonlik ontvang, die hoër loontarief betaal vir die hele dag waarop sodanige werk verrig word.

54. STUKWERK

Die uitbesteding deur werkgewers en die verrigting deur werknemers van stukwerk en taakwerk word verbied.

55. PAYMENT OF EARNINGS AND TERMINATION OF EMPLOYMENT

(1) Wages and payment for overtime shall be paid weekly in full the rates prescribed, but not later than 12h00 on the Saturday llowing the close of the working week of the establishment ncerned. Where the working week closes on a Saturday, payment all be made by 12h00 on that day. Casual employees whose gagement terminates before the customary pay-day shall be paid eir earnings immediately at the termination of their engagement.

(2) Where it is the practice in an establishment to pay particular nployees monthly, such employees shall be paid their wages and l overtime due monthly instead of weekly as indicated in subsec-on (1) hereof, and in that event monthly employees shall be paid ot later than 12h00 on the last working day in the month of the stablishment concerned.

(3) All wages and overtime shall be paid in cash.

(4) A weekly employee or his employer shall give not less than ne week's notice and a monthly employee or his employer shall ive not less than two weeks' notice to terminate the contract of mployment: Provided that this shall not affect the right of an mployee or an employer to terminate the contract of employment vithout notice for any cause recognised by law as sufficient, or any greement between an employee and employer which provides for a eriod of notice of equal duration on both sides for longer than one week or two weeks, as the case may be. Notice shall not run concurrently with annual leave or any period of military service. The notice referred to herein shall be so given as to take effect in the case of a weekly employee from the usual weekly pay-day of the establishment; and in the case of a monthly employee, from the first or the 15th day of the month, as the case may be.

56. HOURS OF WORK

(1) The ordinary hours of work of any employee shall not exceed 45 hours in any one week and in ascertaining such hours of work, intervals during which meals are taken shall be excluded.

(2) Daily hours of work shall not exceed eight and one-sixth hours, excluding, however, periods during which meals are taken, and in the case of the establishment's half-holiday, the hours of work shall not exceed five hours on such half-holiday.

(3) An employer shall arrange the weekly working hours in his establishment so as to allow employees to have one afternoon off per week (other than Sunday).

(4) Employers and employees shall not permit less than eight hours to elapse between the finish of one day's or night's work and the commencement of another by the same employee, and no period of continuous employment shall exceed five hours without a rest period of not less than one hour.

57. OVERTIME

(1) Overtime shall be restricted as much as possible and all hours in excess of 12 hours' overtime in any one month or 30 hours' overtime in any year shall not be permitted by an employer nor undertaken by an employee without the consent of the Council. All overtime shall be payable at the rate of one and a third times the remuneration prescribed in terms of section 53 for the employee.

(2) Whenever an employee works on a Sunday, his employer shall either—

(a) pay the employee not less than double the remuneration payable in respect of the period ordinarily worked by him on a weekday; or

(b) pay the employee remuneration at a rate not less than one and one-third times his ordinary rate of remuneration in respect of the total period worked on such Sunday and grant him within seven days of such Sunday one day's holiday and pay him in respect thereof remuneration at a rate not less than his ordinary rate of remuneration as if he had on such holiday worked his average working hours for that day of the week.

(3) All time worked on the establishment's usual half-holiday and on statutory public holidays shall be paid for at the rate of double the ordinary rate of wages prescribed in section 53.

58. LEAVE

(1) An employee shall be granted all statutory holidays and, in addition, shall be entitled to and be granted three consecutive weeks' leave for each year of service with the same employer and shall, in respect of each week thereof, be paid an amount not less than the weekly remuneration which the employee was receiving immediately prior to the date upon which the employee became entitled to annual leave: Provided that where the employer and the employee agree

55. BETALING VAN VERDIENSTE EN DIENSBEËINDIGING

(1) Lone en betaling vir oortyd moet weekliks ten volle teen die voorgeskrewe tariewe betaal word, maar nie later nie as 12h00 op die Saterdag wat volg op die einde van die werkweek van die betrokke inrigting. As die werkweek op 'n Saterdag eindig, moet betaling voor 12h00 geskied. Los werknemers wie se diens voor die gebruiklike betaaldag eindig, moet hul verdienste onmiddellik by beëindiging van hul diens betaal word.

(2) Waar dit in 'n inrigting gebruiklik is om bepaalde werknemers maandeliks te betaal, moet dié werknemers hul lone en alle verskuldigde oortydlone maandeliks in plaas van weekliks betaal word soos in subklousule (1) hiervan bepaal en in dié geval moet maandelikse werknemers nie later nie as 12h00 op die betrokke inrigting se laaste werkdag in die maand betaal word.

(3) Alle lone en oortydlone moet in kontant betaal word.

(4) 'n Weeklikse werknemer of sy werkgewer moet minstens een week kennis gee en 'n maandelikse werknemer of sy werkgewer moet minstens twee weke kennis gee om die dienskontrak te beëindig: Met dien verstande dat dit nie die reg van 'n werknemer of 'n werkgewer raak om die dienskontrak sonder kennisgewing te beëindig om enige regsgeldige rede nie, of enige ooreenkoms tussen 'n werknemer en werkgewer wat voorsiening maak vir 'n tydperk van kennisgewing van gelyke duur aan albei kante en, na gelang van die geval, vir langer as een week of twee weke. Kennisgewing mag nie met jaarlikse verlof of enige tydperk van militêre diens saamval nie. Die kennisgewing hierin bedoel, moet só gegee word dat dit ingaan op die gewone weeklikse betaaldag van die inrigting in die geval van 'n weeklikse werknemer en, na gelang van die geval, op die eerste of 15de dag van die maand in die geval van 'n maandelikse werknemer.

56. WERKURE

(1) Die gewone werkure van enige werknemer moet hoogstens 45 uur in 'n week wees en by die vasstelling van sodanige werkure is pouses waarin maaltye genuttig word, uitgesluit.

(2) Daaglikse werkure is hoogstens agt en een sesde uur, met uitsondering egter van tydperke waarin maaltye genuttig word, en in die geval van die inrigting se vakansiehalfdag mag die werkure nie meer as vyf uur op die vakansiehalfdag wees nie.

(3) 'n Werkgewer moet die weeklikse werkure in sy inrigting so reël dat dit werknemers in staat stel om een namiddag per week (uitgesonderd Sondag) vry te hê.

(4) Werkgewers en werknemers mag nie toelaat dat minder as agt uur verloop tussen die voltooiing van een dag of nag se werk en die aanvang van 'n ander deur dieselfde werknemer nie en geen tydperk van ononderbroke werk mag langer as vyf uur sonder 'n rustyd van minstens een uur duur nie.

57. OORTYDWERK

(1) Oortydwerk moet sover moontlik beperk word en alle oortydwerk bo 12 uur in 'n maand of 30 uur in 'n jaar mag nie sonder toestemming van die Raad deur 'n werkgewer toegelaat of deur 'n werknemer onderneem word nie. Vir alle oortydwerk moet betaal word teen 'n tarief van een en een derde maal die besoldiging wat vir die werknemer ingevolge klousule 53 voorgeskryf word.

(2) Wanneer 'n werknemer op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer hom òf—

(a) minstens dubbel die besoldiging betaal wat betaalbaar is ten opsigte van die tydperk wat gewoonlik deur hom op 'n weekdag gewerk word; òf

(b) besoldiging betaal teen 'n tarief van minstens een en eenderde maal sy gewone loontarief ten opsigte van die totale tydperk op sodanige Sondag gewerk en hom binne sewe dae van dié Sondag een dag verlof toestaan en hom ten opsigte daarvan besoldiging betaal teen minstens sy gewone loontarief asof hy op dié verlofdag sy gemiddelde gewone werkure vir daardie dag van die week gewerk het.

(3) Vir alle tyd wat op die inrigting se gewone vakansiehalfdag en op wetlike openbare vakansiedae gewerk word, moet betaal word teen dubbel die gewone loontarief wat in klousule 53 voorgeskryf word.

58. VERLOF

(1) 'n Werknemer moet alle wetlike vakansiedae toegestaan word en daarbenewens is hy geregtig op en moet hy drie agtereenvolgende weke verlof toegestaan word vir elke jaar diens by dieselfde werkgewer en ten opsigte van elke week daarvan 'n bedrag van minstens die weekloon betaal word wat die werknemer onmiddellik voor die datum waarop die werknemer op jaarlikse verlof geregtig word, betaal word: Met dien verstande dat as die werkgewer en die werknemer ooreenkom en die Raad toestemming verleen, dié verlof

and the consent of the Council is obtained, such leave need not be consecutive: Provided, further, that—

(a) the period of such leave shall not be concurrent with any period during which the employee is under notice of termination of employment, is on paid sick leave or, except at the written consent of the employee, when he is required to undergo service under the Defence Act; and

(b) if any public holiday falls within the period of such leave, such holiday shall be added to the said period as a further period of leave of absence with pay.

(2) The leave to which an employee is entitled in terms of subsection (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided that if such leave has not been granted earlier it shall be granted within two months of the completion of the year of employment to which it relates.

(3) An employee whose contract of employment with the same employer terminates—

(a) in the first year of employment with the same employer, after the completion of one month's employment but before the completion of such year; and

(b) in any subsequent year of employment with the same employer before the completion of such year;

shall upon such termination be paid in respect of each completed month of employment an amount not less than the weekly remuneration which the employee was receiving immediately prior to the date of such termination divided by four.

(4) An employee who has become entitled to a period of leave in terms of subsection (1) and whose employment terminates before such leave has been granted shall, upon such termination, be paid in respect of each week thereof an amount not less than the weekly remuneration which the employee was receiving immediately prior to the date of such termination.

(5) For the purposes of this section, the expression ''the same employer'' includes—

(a) in the case of the death of an employer, the legal representative, heir, legatee, successor or executor of the estate of that employer;

(b) in the case of insolvency, liquidation or sale of a business, the trustee, liquidator or purchaser of the business;

for the period during which such representative, heir, legatee, successor, executor, trustee, liquidator or purchaser continues to carry on the business in which the employee concerned is employed.

(6) For the purposes of this section, the word ''employment'' shall be deemed to include any period or periods during which an employee—

(a) is on leave in terms of subsection (1);

(b) undergoes service under the Defence Act;

(c) is absent from work on the instructions or at the request of the employer;

(d) is absent from work owing to sickness or accident;

amounting in the aggregate to not more than 10 weeks in any year in respect of items *(a)*, *(c)* and *(d)* and four months in respect of item *(b)* and shall be deemed to commence from the date on which the employee enters the employer's service or the date when last entitled to leave, whichever may be the later.

(7) An employer shall grant, and an employee shalll be entitled to, 12 working days' sick leave on full pay if the establishment in which he is employed works a six-day week, or 10 working days' sick leave on full pay if the establishment in which he is employed works a five-day week, during each year of employment: Provided however, that after an absence of two days, or more, a suitable medical certificate shall be submitted by the employee to his employer.

59. CERTIFICATES OF EMPLOYMENT

An employer shall issue a certificate of employment free of charge to each employee whose wages are based on the length of his experience, at the time when he leaves such employer's service, and forward a copy of such certificate to the Honorary Secretary of the Joint Board concerned or the Standing Committee where no Joint Board has jurisdiction. The certificate shall show the employee's name in full, address, occupation and rate of wages paid, together with the dates of his entering and leaving the service of the employer.

60. CONTRIBUTIONS

(1) Every employer shall contribute to the General Fund of the Council 4c per week for each employee employed by him for whom wages are prescribed in section 53 (1) *(a)*, *(b)* or *(c)*.

nie opeenvolgend hoef te wees nie: Voorts met dien verstande dat—

(a) dié verlof nie mag saamval nie met enige tydperk waart dens die werknemer 'n diensopseggingstermyn uitdien, m siekteverlof met betaling is of, behalwe met die skrifteli toestemming van die werknemer, wanneer hy verplig wo om diens kragtens die Verdedigingswet te ondergaan; en

(b) as 'n openbare vakansiedag binne die verloftydperk val, d vakansiedag by genoemde tydperk gevoeg moet word as verdere tydperk van verlof met betaling.

(2) Die verlof waarop 'n werknemer ingevolge subklousule (geregtig is, moet toegestaan word op 'n tydstip wat deur d werkgewer vasgestel word: Met dien verstande dat as die verlof ni eerder toegestaan is nie, dit binne twee maande na voltooiing van di betrokke diensjaar toegestaan moet word.

(3) 'n Werknemer wie se dienskontrak by dieselfde werkgewe eindig—

(a) in die eerste diensjaar by dieselfde werkgewer ná voltooiin van een maand diens maar voor voltooiing van dié jaar; en

(b) in 'n daaropvolgende diensjaar by dieselfde werkgewe vóór voltooiing van dié jaar;

moet by dié beëindiging ten opsigte van elke voltooide maan diens 'n bedrag betaal word van minstens die weekloon wat di werknemer onmiddellik voor die datum van die beëindiging ontvan het, gedeel deur vier.

(4) 'n Werknemer wat ingevolge subklousule (1) op verlof gereg tig geword het en wie se diens eindig voordat die verlof toegestaar is, moet, by dié beëindiging, ten opsigte van elke week daarvan 'r bedrag betaal word van minstens die weekloon wat die werkneme onmiddellik voor die datum van die beëindiging ontvang het.

(5) Vir die toepassing van hierdie klousule is by die uitdrukking ,,dieselfde werkgewer'' inbegrepe—

(a) in geval van die afsterwe van 'n werkgewer, die wettige verteenwoordiger, erfgenaam, legataris, opvolger of eksekuteur van die boedel van daardie werkgewer;

(b) in geval van bankrotskap, likwidasie of die verkoop van die besigheid, die trustee, likwideerder of koper van die besigheid;

vir die tydperk waarin die verteenwoordiger, erfgenaam, legataris, opvolger, eksekuteur, trustee, likwideerder of koper voortgaan om die besigheid te dryf waarin die betrokke werknemer werksaam is.

(6) Vir die toepassing van hierdie klousule word die woord ,,diens'' geag enige tydperk of tydperke te omvat waarin 'n werknemer—

(a) kragtens subklousule (1) met verlof is;

(b) kragtens die Verdedigingswet diens ond gaan;

(c) op las of op versoek van die werkgewer van sy werk afwesig is;

(d) weens siekte of 'n ongeluk van sy werk afwesig is;

wat altesaam hoogstens 10 weke in 'n jaar beloop ten opsigte van punte *(a)*, *(c)* en *(d)* en vier maande ten opsigte van punt *(b)*, en dit word geag te begin op die datum waarop die werknemer by die werkgewer in diens getree het, of, na gelang van die jongste datum, die datum waarop hy laas op verlof geregtig was.

(7) 'n Werkgewer moet 12 werkdae siekteverlof met volle betaling aan 'n werknemer toestaan as die inrigting waarin hy in diens is, ses dae per week werk, of 10 werkdae siekteverlof met volle betaling as die inrigting waarin hy in diens is, vyf dae per week werk, gedurende elke jaar diens, en 'n werknemer is daarop geregtig: Met dien verstande egter dat na 'n afwesigheid van twee dae, of meer, 'n geskikte doktersertifikaat deur die werknemer aan sy werkgewer voorgelê moet word.

59. DIENSSERTIFIKATE

Wanneer 'n werknemer 'n werkgewer se diens verlaat, moet die werkgewer 'n dienssertifikaat gratis uitreik aan elke werknemer wie se loon gebaseer is op die duur van sy ondervinding, en 'n afskrif van sodanige sertifikaat stuur aan die Eresekretaris van die betrokke Gesamentlike Raad of die Staande Komitee, waar geen Gesamentlike Raad regsbevoegdheid het nie. Die sertifikaat moet die werknemer se naam voluit, sy adres, bedryf en loontarief wat betaal word, aantoon, saam met die datums waarop hy tot die diens van die werkgewer toegetree en dit verlaat het.

60. BYDRAES

(1) Elke werkgewer moet 4c per week vir elke werknemer by hom in diens en vir wie 'n loon in klousule 53 (1) *(a)*, *(b)* of *(c)* voorgeskryf word, tot die Algemene Fonds van die Raad bydra.

(2) Contributions to the General Fund shall be paid monthly by ıe employer to the Secretary of the Council at his address not later ıan 30 days after accrual.

(3) All funds or moneys received in terms hereof shall be dministered in terms of the constitution of the Council.

61. TRADE UNION MEMBERSHIP

(1) The employers shall co-operate with the employees in main- aining the discipline of the Trade Union. Where an employee who is member of the Trade Union is in default under a penalty imposed y the Trade Union, the matter shall be dealt with by the Joint Board oncerned, which may require the employer concerned to dismiss the mployee in default if the penalty is not complied with.

(2) Employers shall encourage employees to become members of he Trade Union.

62. REGISTRATION OF EMPLOYERS AND NOTICE TO BE EXHIBITED

(1) Every employer engaged in duplicating at the date on which his Agreement comes into operation shall forward in writing to the Secretary of the Joint Board (or the Standing Committee where no Joint Board exists) of the area in which he is operating, the following particulars concerning himself:

(a) Full name;

(b) business address;

(c) the trade or trades which he is carrying on;

(d) the address at which any plant or equipment is housed.

(2) The particulars required under subsection (1) hereof shall also be furnished by all employers who become engaged in duplicating after the date on which this Agreement comes into operation within one month of commencing business.

(3) Where the employer is a corporate body or a partnership, information in accordance with subsection (1) hereof shall be furnished in respect of each director or partner, as the case may be. The name under which the corporate body or partnership is carrying on business shall also be furnished. In the event of any change among the partners or among the directors, as the case may be, particulars of such change shall be furnished in writing, within one month, to the Secretary of the Joint Board concerned or the Standing Committee where no such Joint Board exists.

(4) Every employer engaged in duplicating shall exhibit a copy of this Chapter in a prominent position in his establishment, which is accessible to his employees.

CHAPTER 10

EXEMPTIONS AND MISCELLANEOUS

63. EXEMPTIONS

(1) Subject to the provisions of subsection (4) hereof and section 51 (3) of the Act, special exemption from the terms of this Agreement may be granted by the Standing Committee, which shall, in fixing the wages and other conditions under which an exempted person may be employed, give consideration to the recommendation of the Joint Board for the area concerned.

(2) The Secretary of the Council shall issue to every person or establishment granted exemption a certificate or licence signed by him for and on behalf of the Standing Committee, setting out the wages to be paid and the conditions which are a departure from the conditions laid down in this Agreement.

(3) The Standing Committee may, after one week's notice in writing to the employee and employer concerned, withdraw any exemption whether or not the period for which exemption was originally granted has expired.

(4) Provided the Minister publishes a notice in the *Government Gazette* in terms of section 22 (1) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, the terms of this Agreement [in respect of hours of work, including the provisions relating to shift work in section 12 (6), overtime, Sunday work and certain public holidays] shall take precedence over sections 19 and 20 of the Factories, Machinery and Building Work Act. Notwithstanding such precedence, however, the power of exemption conferred upon the Standing Committee by this section shall not operate to enable the Standing Committee to grant an exemption to, or in respect of any female engaged in technical work, to work other than as specified in this Agreement between the hours of 18h00 and 06h00, or after 13h00 on more than five days in any week, except for the purpose of performing work which is necessitated by special circumstances.

(2) Bydraes tot die Algemene Fonds moet maandeliks binne 30 dae na die datum waarop dit verskuldig geword het, deur die werkgewer aan die Sekretaris van die Raad by sy adres betaal word.

(3) Alle fondse of geld wat hierkragtens ontvang word, moet ooreenkomstig die konstitusie van die Raad geadministreer word.

61. LIDMAATSKAP VAN VAKVERENIGING

(1) Die werkgewers moet met die werknemers saamwerk vir die handhawing van die tug van die vakvereniging. As 'n werknemer wat lid van die vakvereniging is, weens versuim onder straf staan wat deur die vakvereniging opgelê is, moet die saak deur die betrokke Gesamentlike Raad behandel word, wat kan vereis dat die betrokke werkgewer die werknemer wat weens wanprestasie straf opgelê is, ontslaan as die strafbepaling nie nagekom word nie.

(2) Werkgewers moet werknemers aanmoedig om lid van die vakvereniging te word.

62. REGISTRASIE VAN WERKGEWERS EN KENNISGEWING WAT VERTOON MOET WORD

(1) Elke werkgewer wat op die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree, dupliseerwerk uitvoer, moet skriftelik aan die Sekretaris van die Gesamentlike Raad (of die Staande Komitee waar daar geen Gesamentlike Raad is nie) van die gebied waarin hy besigheid doen, ondergenoemde besonderhede oor homself indien:

(a) Naam voluit;

(b) besigheidsadres;

(c) die bedryf of bedrywe wat hy uitvoer;

(d) die adres waar enige installasie of uitrusting gehuisves is.

(2) Die besonderhede vereis by subklousule (1) hiervan moet ook binne een maand nadat die besigheid 'n aanvang geneem het, verstrek word deur alle werkgewers wat ná die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree, met dupliseerwerk begin.

(3) Ingeval die werkgewer 'n liggaam met regspersoonlikheid of 'n vennootskap is, moet inligting ingevolge subklousule (1) hiervan ten opsigte van elke direkteur of vennoot, na gelang van die geval, verstrek word. Die naam waaronder die liggaam met regspersoonlikheid of vennootskap besigheid dryf, moet ook verstrek word. In geval van 'n verandering van vennote of direkteure, na gelang van die geval, moet besonderhede van so 'n verandering skriftelik binne een maand aan die Sekretaris van die Gesamentlike Raad gestuur word, of aan die Staande Komitee waar daar geen Gesamentlike Raad is nie.

(4) Elke werkgewer wat dupliseerwerk doen, moet 'n eksemplaar van hierdie Hoofstuk in sy inrigting vertoon op 'n opvallende plek wat maklik vir sy werknemers toegangklik is.

HOOFSTUK 10

VRYSTELLING EN DIVERSE BEPALINGS

63. VRYSTELLINGS

(1) Behoudens subklousule (4) hiervan en artikel 51 (3) van die Wet mag spesiale vrystelling van die bepalings van hierdie Ooreenkoms verleen word deur die Staande Komitee wat, wanneer hy die lone en ander voorwaardes bepaal waarop 'n vrygestelde persoon in diens geneem mag word, oorweging moet skenk aan die aanbeveling van die Gesamentlike Raad vir die betrokke gebied.

(2) Die Sekretaris van die Raad moet aan elke persoon of inrigting aan wie vrystelling verleen word, 'n sertifikaat of lisensie uitreik wat deur hom namens die Staande Komitee onderteken is waarin die lone wat betaal moet word en enige voorwaardes wat afwyk van die voorwaardes vasgestel in hierdie Ooreenkoms, gemeld word.

(3) Die Staande Komitee mag, nadat aan die betrokke werkgewer en werknemer een week skriftelik kennis gegee is, enige vrystelling herroep, hetsy die tydperk waarvoor vrystelling verleen is, verstryk het of nie.

(4) Mits die Minister ingevolge artikel 22 (1) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer, moet hierdie Ooreenkoms [ten opsigte van werkure, met inbegrip van die bepalings betreffende skofwerk in klousule 12 (6), oortyd, Sondagwerk en sekere openbare vakansiedae] voorrang geniet bo artikels 19 en 20 van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk. Ondanks dié voorrang mag die vrystellingsbevoegdheid wat by hierdie klousule aan die Staande Komitee verleen is, egter nie die Staande Komitee in staat stel om 'n vrystelling te verleen aan, of ten opsigte van, 'n vrou wat tegniese werk verrig, om tussen die ure 18h00 en 06h00, of ná 13h00 op meer as vyf dae in enige week, te werk nie, uitgesonderd met die doel om werk te verrig wat deur spesiale omstandighede vereis

When granting such an exemption the Standing Committee shall specify the conditions, which are to be observed in connection with it.

64. WITHDRAWAL OF CERTIFICATES OF REGISTRATION

After one week's notice in writing to the employer and employee concerned, the Standing Committee may withdraw any written permission granted, authorising the employment of a learner printers' attendant, process mounter, platen pressman or litho operative or an employee employed in terms of section 25 (7), (12) or (14) *(h)* and may, without prior notice, withdraw any certificate of registration as a quarter binder.

65. INTERPRETATION OF AGREEMENT

(1) The Executive Committee or Standing Committee and Joint Boards shall, subject to the general control and direction of the Council, be the bodies responsible for the administration of this Agreement.

(2) The Executive Committee and the Standing Committee may issue rulings not inconsistent with the provisions of this Agreement, or any legal interpretation thereof, for the guidance of employers and employees.

66. COUNCIL'S AGENTS

The Executive Committee shall appoint one or more specified persons as agents to assist in giving effect to the terms of this Agreement. In addition to any such specified persons, the officials of the Council shall be regarded as agents. It shall be the duty of employers and employees who are members of the employers' organisations and the Trade Union respectively to permit such agents to institute such inquiries and to examine time and wage registers and interrogate such employees as may be necessary for ascertaining whether the provisions of this Agreement are being observed, and no person shall make a false statement to such agent during the course of his investigations.

67. AMENDMENT OF AGREEMENT

Notwithstanding anything to the contrary, this Agreement shall, by the decision of a full meeting of the Council, be subject to amendment at any time.

68. GENERAL

No employer or employee may waive the provisions of this Agreement, whether or not the said provisions confer a benefit or impose an obligation upon the employer or employee concerned. Each provision, subsection or section shall create a right or obligation, as the case may be, independently of the existence of other provisions. In the event of any provisions, subsection or section of this Agreement being inoperative or *ultra vires* the powers of the parties or the Minister either before or after publication of this Agreement in the *Government Gazette* by the Minister, this shall in no way affect the remainder of the Agreement, which shall in that event constitute the Agreement.

Signed at Johannesburg this 6th day of October 1977.

H. W. MILLER
Employers' Representative
Chairman of the Council

J. J. BOTHA
Employees' Representative

T. S. CLEARY
Secretary of the Council

word. Wanneer die Staande Komitee sodanige vrystelling verleen moet hy die voorwaardes stel wat in verband daarmee nagekom moe word.

64. INTREKKING VAN REGISTRASIESERTIFIKATE

Na een week skriftelike kennisgewing aan die betrokke werkgewer en werknemer kan die Staande Komitee enige skriftelike toestemming wat verleen is en wat die indiensneming magtig van 'n leerling-drukkershulp, -prosesmonteur, -degelpersdrukker o -litobediener of van 'n werknemer wat in diens is ooreenkomstig klousule 25 (7), (12) of (14) *(h)*, intrek, en kan hy sonder kenni vooraf enige sertifikaat van registrasie as 'n kwartobinder intrek.

65. UITLEG VAN OOREENKOMS

(1) Die Uitvoerende Komitee of Staande Komitee en Gesamentlike Rade is die liggame wat, onderworpe aan die algemene beheer en bestuur van die Raad, vir die administrasie van hierdie Ooreenkoms verantwoordelik is.

(2) Die Uitvoerende Komitee en die Staande Komitee kan vir die leiding van werkgewers en werknemers beslissings uitvaardig wat nie met die bepalings van hierdie Ooreenkoms of enige regsvertolking daarvan strydig is nie.

66. AGENTE VAN DIE RAAD

Die Uitvoerende Komitee moet een of meer aangewese persone as agente aanstel om by die toepassing van hierdie Ooreenkoms behulpsaam te wees. Benewens sulke gespesifiseerde persone moet die beamptes van die Raad as agente beskou word. Dit is die plig van werkgewers en werknemers wat onderskeidelik lede van die werkgewersorganisasies en die vakvereniging is om dié agente toe te laat om die ondersoek in te stel en om tyd- en loonregisters na te gaan en om die werknemers te ondervra soos nodig mag wees om te bepaal of hierdie Ooreenkoms nagekom word, en niemand mag gedurende die ondersoek voor sulke agente 'n valse verklaring aflê nie.

67. WYSIGING VAN OOREENKOMS

Ondanks andersluidende bepalings is hierdie Ooreenkoms by besluit van 'n volle vergadering van die Raad te eniger tyd onderworpe aan wysiging.

68. ALGEMEEN

Geen werkgewer of werknemer mag die bepalings van hierdie Ooreenkoms tersyde stel nie, hetsy genoemde bepalings vir die betrokke werkgewer of werknemer 'n voordeel of verpligting verteenwoordig of nie. Elke bepaling, subklousule of klousule skep, na gelang van die geval, 'n reg of 'n verpligting wat onafhanklik is van ander bepalings. Ingeval 'n bepaling, subklousule of klousule van hierdie Ooreenkoms vóór of ná publikasie in die *Staatskoerant* deur die Minister, nie bindend is nie of *ultra vires* die bevoegdhede van die partye of die Minister is, maak dit hoegenaamd geen inbreuk op die res van die Ooreenkoms nie, wat in so 'n geval die Ooreenkoms uitmaak.

Op hede die 6de dag van Oktober 1977 te Johannesburg onderteken.

H. W. MILLER
Werkgewersverteenwoordiger
Voorsitter van die Raad

J. J. BOTHA
Werknemersverteenwoordiger

T. S. CLEARY
Sekretaris van die Raad

No. R.2597] [30 December 1977

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941

I, STEPHANUS PETRUS BOTHA, Minister of Labour, hereby, in terms of section 22 (1) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the provisions of the Agreement and notice relating to the Printing and Newspaper Industry, published under Government Notice R.2596 of 30 December 1977, to be, on the whole, not less favourable to the employees whose hours of work and remuneration in respect of overtime, public holidays and work on Sundays and public holidays are regulated thereby, than the relative provisions of the said Act.

S. P. BOTHA,
Minister of Labour

No. R.2597] [30 Desember 1977

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941

Ek, STEPHANUS PETRUS BOTHA, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens artikel 22 (1) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, dat die bepalings van die Ooreenkoms en kennisgewing in verband met die Druk- en Nuusbladnywerheid, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R.2596 van 30 Desember 1977, oor die algemeen vir werknemers wie se werkure en besoldiging ten opsigte van oortydwerk, openbare feesdae en werk op Sondae en openbare feesdae daarby gereël word, nie minder gunstig is nie as die desbetreffende bepalings van genoemde Wet.

S. P. BOTHA,
Minister van Arbeid.

CONTENTS

Department of Labour

GOVERNMENT NOTICES

No.		Page
R.2596	Industrial Conciliation Act, 1956: Printing and Newspaper Industry—Main Agreement	1
R.2597	Factories, Machinery and Building Work Act, 1941	69

INHOUD

Departement van Arbeid

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No.		Bladsy
R.2596	Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Druk- en Nuusbladnywerheid—Hoofooreenkoms	1
R.2597	Wet op Fabrieke Masjinerie en Bouwerk, 1941	69

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LTD., CAPE TOWN—B1917/13 900.
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS BPK., KAAPSTAD—B1917/13 900.